# Inhoudsopgawe

FLIP BUYS - 2

HANNES NOËTH - 4

VENESSA SCHOEMAN - 6

**Ons Gemeenskapsherstelplan** - 8

**Maatskaplikewerkdienste** - 10

**Ons Winkels** - 12

**Studiefondssentrum**

'n Gemeenskapstudiefonds - 14
Die Studiefondssentrum - 16

**Hoogtepunte**

Kommunikasiehoogtepunte in 2020 - 18
Krisisfonds - 18
Mediahoogtepunte - 19

**Nasionale Projekte**

Kosblikkie-projek - 20
HelpJag - 20
Skooltassie-projek - 22
Bemagtig-'n-kind - 22
Houers VOL Hoop - 23
Tekkies en Toks - 24
Monumentaal-veldtog - 25
HelpHetta-projek - 26
DROOMROKKE - 27
FroueVonds en dagboek - 28
FroueVonds - 29
Die SKYN-projek - 30
Die katarakchirurgie-projek - 31
Die HelpHoor-projek - 32
Die Breinaald-projek brei uit - 33
Grendelgenoot - 34
Ere-ondersteunersnetwerk - 35

**Oorsig van Streke**

Pretoria - 36
Pretoria-Oos - 37
Gauteng-Suid - 38
Mpumalanga en KZN-Noord - 39
Limpopo - 40
Oos-Kaap en KZN-Suid - 41
Noordwes en Noord-Kaap - 42
Vrystaat - 43
Wes-Kaap - 45


**Oorsig van die Sentrum en Ons Plekke**

Ons Plek Derdepoort - 46
Ons Plek Strand - 47
Ons Sentrum Pretoria-Noord - 48
Orania - 49

**'n Nuwe afdeling**

Solidariteit Helpende Hand nóg sterker, nóg groter - 50
Helpende Hand sê Dankie - 52
100-punt-gemeenskapsherstelplan - 53





Flip Buys
*Voorsitter:*
*Solidariteit Beweging*

Die jaar 2020 is oorheers deur die Covid-19-inperking se ekonomiese en maatskaplike gevolge. Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan sê dat Solidariteit Helpende Hand hierdie tsoenami nie net oorleef het nie, maar selfs sterker anderkant uitgekom het. Die rede is waarskynlik dat die krisis ons onverwags – maar nie onvoorbereid nie – betrap het. Die organisasie is immers gestig om krisisse te hanteer. Die meeste aktiwiteite moes vanweë die omvang van die krisis tydelik op ys gesit word om met grootskaalse verligting van voedselnood te help. Hoewel Solidariteit Helpende Hand feitlik oornag landswyd noodhulp moes verleen, het die organisasie se bestuur en personeel, asook ons takstrukture en vennote in die Solidariteit Beweging, dadelik ingespring om duisende gesinne en tehuise by te staan. Hierdie harde werk het daartoe gelei dat Solidariteit Helpende Hand tydens die krisis 'n leidende rol gespeel het en deurlopend 'n hoë openbare profiel gehandhaaf het.

Die loodsing van die Krisisfonds en die mildelike bydraes vanuit die gemeenskap het dit moontlik gemaak om noodsaaklike hulp aan behoeftiges te verleen. Benewens skenkings vanuit die publiek, moet die Virseker-groep se grootskaalse hulp spesiaal uitgesonder word.

Goeie samewerking van ons vennote in die Beweging het ook tot die sukses bygedra. Dit sluit die dekking van Maroela Media in, wat 'n groot bydrae tot die sukses van die Krisisfonds gemaak het. Solidariteit het 'n platform geskep waar die nodige maatskaplike en ander inligting vir die Covid-19-tydperk sentraal gevind kan word. AfriForum het onontbeerlike bystand met die verspreiding van die noodvoeding verleen. Pretoria FM het sy onafhanklike landswye radionetwerk ingespan om die publiek van die behoefte aan hulp, maar ook van die werk van Solidariteit Helpende Hand, bewus te maak. Die verslapping van die strengste inperkingsmaatreëls het dit na sowat ses maande vir Solidariteit Helpende Hand moontlik gemaak om die noodprojekte af te skaal en weer volle aandag aan gemeenskapswerk te gee.

Die uitnemende prestasie van die netwerk van Ons Winkels was nog 'n hoogtepunt van die jaar. Dit het die Direksie genoop om na wye oorlegpleging met kundiges, 'n sakebeen vir Solidariteit Helpende Hand te stig, wat op die verdere uitbou van die Ons Winkels sal fokus.

Solidariteit Helpende Hand het vanjaar baie sterk aan sy uitvoerende vermoë gebou en die netwerk van maatskaplike werkers en streeksorganiseerders is verder versterk.

Dié organisasie beskik nou oor die kundigheid wat nodig is om grootskaalse gemeenskapsontwikkelingsprojekte aan te pak. Dit is nie meer net genoeg om armoede te bestry deur dit te probeer voorkom, verlig en verbreek nie. Ons moet volhoubare voorspoed verseker. Daarvoor is 'n sterk fokus op gesonde gesinne nodig.

Die sterk prestasie van die Studiefondssentrum midde-in hierdie krisisjaar was nog 'n groot ligpunt. Dit sluit aan by ons siening dat mense gehelp moet word om hulself te help, in plaas daarvan om in permanente afhanklikheid te verval. Die beste manier om dit te vermag, is om jongmense deur studiehulp in staat te stel om hulself vir hul roepings toe te rus.

Die harde werk van die bestuur, personeel en vrywilligers is na aan die jaareinde met nog 'n hoogtepunt bekroon toe Solidariteit Helpende Hand die mylpaal van 40 000 ondersteuners bereik het! Die rekordaantal suksesse in hierdie andersins moeilike jaar is deur die harde werk en hartlike samewerking van almal in die organisasie moontlik gemaak. Alle afdelings het hiertoe bygedra. Daarom kan die Direksie net dank uitspreek teenoor een en almal by Solidariteit Helpende Hand wat 'n helpende hand na hul medemens uitgereik het. Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy oorvloedige genade en ryke seëninge wat Hy regdeur die jaar op ons uitgestort het. Soli Deo Gloria!



# Kosbare Helpende Hand-direksie, vriende, familie, personeel en belangstellendes

Tydens die jaarbeplanning van 'n nuwe jaar kyk 'n mens vorentoe – beplan, organiseer en doen alles in jou vermoë om die beplanningsproses suksesvol af te handel. Wanneer 'n mens egter 'n jaarverslag skryf, kyk 'n mens terug na die jaar se werksaamhede soos wat dit gebeur het, evalueer die beplanning wat gedoen is asook dít wat daarmee bereik is. 2020 sal regoor die wêreld as 'n jaar onthou word waartydens alles anders verloop het as wat 'n mens kon beplan in Suid-Afrika en ook hier by die kantore van Solidariteit Helpende Hand. Covid-19 het die wêreld uitgedaag en daarom was 2020 se besbedoelde beplanning maar 'n nietigheid. Ons hier by Solidariteit Helpende Hand het die waarde van strukture besef, asook die kosbaarheid van volhoubare beplanning, die vrug van geroepe personeel en die oes van harde werk. Alles wat ons beplan het, het anders verloop – tog nie minder geseënd nie. Inteendeel. Daarom was ons jaar-tema so gepas – tot hoop! Wat ons gedoen het, het ons met hart, in krag en tot hoop gedoen! Ons kon nie anders nie; die hele wêreld het na hoop gesmag. Ons het die voorreg gehad om deel te kon wees van die mense en groepe wat hoop uitdra. Daarom sal 2020 altyd vir ons as 'n jaar van hoop uitstaan.

Ja, die jaar was uitdagend, maar Solidariteit Helpende Hand kan getuig dat dit 'n jaar van genade en groei was, ongeag uitdagings en konteks. Vir die eerste keer is ons by die perk van 40 000 ondersteuners verby. Ons Winkels groei genoegsaam om in die nuwe



jaar 'n eie Helpende Hand-Sake te vorm. Solidariteit Helpende Hand se takke en streke werk en woeker in die groot stede en in die klein dorpies. Regoor ons land word nie net kos uitgedeel nie, maar word hoop uitgedra. Ons navorsing gaan van krag tot krag en bepaal ons agendas vir die tyd waarin ons leef, ons maatskaplike afdeling struktureer ons Gemeenskapherstelplan en ons kommunikasie-afdeling praat, vra, gesels en deel met die hele wêreld. Ons mense by die finansiële afdeling hou ons veilig met die wyse waarop hulle beskikbare hulpbronne bestuur. Ons Studiefondssentrum hou aan met goeie werk en versorg student na student. As ons terugkyk is dit voorwaar op 'n genadejaar!

Solidariteit Helpende Hand weet ons taak, rol en roeping lê by die kwesbare groepe: ons bejaardes, kinders, gestremdes en sorgbehoewende gesinne. Ons weet dit. Ons hoor ook die roepstem van ons gemeenskap herhaaldelik dat sterk strukture nodig is om volhoubaarheid te skep. Ongeag uitdagings het dít die kern gevorm waaraan ons die afgelope jaar gewerk het. Ongeag uitdagings sal ons ook in die jaar wat kom daaraan werk.

In een van sy toesprake oor vryheid en onafhanklikheid het genl. J.B.M. Hertzog die mooi woorde gesê: "Hier en orals in die menslike samelewing is samewerking die enigste waarborg vir sukses."

As ons vryheid wil hê, dit wil behou en in vryheid wil leef, dan moet ons iets van samewerking verstaan: saamspan en saamstaan. Aan die einde van die jaar kan ons getuig van samewerking. Daarom het Solidariteit Helpende Hand moed, krag en hoop vir die toekoms.

Ons het 'n direksie wat saamwerk en saamstaan.
Ons het personeel wat saamwerk en saamstaan.
Ons het takke en streke wat saamwerk en saamstaan.
Ons het ondersteuners wat saamwerk en saamstaan.

Daar was samewerking die afgelope jaar: ons het saamgespan en saamgestaan. Daarom kyk ons dankbaar terug en kragtig vorentoe. Dankie vir die samewerking. Dankie vir die saamstaan.

**Met hart, in krag, tot hoop.**



Hannes Noëth
*Uitvoerende direkteur:*
*Solidariteit Helpende Hand*



Venessa Schoeman

*Redakteur:*
*Finesse Voelgoed Tydskrif*

# Bly Hoop

Ek praat onlangs met 'n vriendin wat deur 'n egskeiding gaan. "Hoe gaan dit?" vra ek. "Doodgewoon sleg," antwoord sy eenhonderdpersent eerlik. "Maar dit is soms maar 'n mens se beurt. By al die ongeluk is daar ook genade."
Soms is dit ons beurt.

Nêrens in die Bybel belowe God dat Sy kinders dit makliker hier op Moeder Aarde sal hê nie. Ons word nie gevrywaar teen swaarkry en seer omdat ons Sy witbroodjies en Sy oogappels is nie. Nee, dit werk ongelukkig nie so nie.

Christene beland in motorongelukke, hulle kinders skei, hulle besighede duik in die hek en daar word in hul huise ingebreek. Dis hoe dit is.

Ander kere kry jy onverwags blomme, jou man kry bevordering, jou gebed word beantwoord en jou kind haal die A-span! Ja, soms voel jou lewe soos 'n draairoomys met 'n heerlike Flake in die middel en soms voel dit of alles verkeerd gaan en jy elke dag bitter spinasie moet sluk.

Ons sal seerkry. Dit is soms ons beurt. Ons het dalk al op donker paaie geloop en dit sal dalk weer gebeur. En as jy nie het nie, het iemand na aan jou dit dalk beleef en dan het jou hart saam met hare gebreek.

Maar soos Abraham sal jy vashou aan God se beloftes en opnuut glo. Soos Sara sal jy swanger raak en soos Moses sal jy verlos word uit die hand van die vyand. Jy sal weer leef! God vorm jou in jou pyn, Hy bou jou karakter en Hy skaaf aan jou menswees, maar Hy los jou nooit nie.

Dit is nie lekker nie, maar dit gebeur. En wanneer dit gebeur, kan ons vashou aan Hom wat elke haar op ons kop getel het en ons harte deurgrond. Hy ken jou pyn en Hy hou jou vas.

Is dít nie genoeg om jou hoop te gee om nog 'n dag op te staan, jou kop op te lig en met verwagting uit te sien na die dag wanneer jy weer 'n stroopsoet draairoomys eet nie?



"Laat jou hoop en nie jou pyn nie, jou toekoms vorm."

~ *Robert H. Schuller*



# Ons Gemeenskapsherstelplan

## Maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling

## Met Hart, in Krag tot Hoop

Die koms van die Covid-19-pandemie het die toekoms van Suid-Afrika oor die algemeen versnel. Solidariteit Helpende Hand het ook ervaar dat die maatskaplike behoeftes van gemeenskappe verhoog en versnel het. Solidariteit het in hierdie tyd sy Werkherstelprogram geloods wat op drie pilare staan: werk, welstand en opleiding. Dit was vanselfsprekend dat Solidariteit Helpende Hand met 'n Gemeenskapsherstelplan moes volg. Hoewel Solidariteit Helpende Hand se fokus tydens die krisis op die verligting van armoede was, skuif dit ná die Covid-19-krisis na opheffing deur maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling, met die hooffokus op gemeenskap, gesin en groei.

Ons strategie was nog altyd om nie net mense se armoede draagliker te maak nie, maar om dit te probeer voorkom en waar nodig te verbreek. By monde van Flip Buys was die beste helpende hand nog altyd dié een aan die einde van elke mens se eie arm. Daarom is dit Solidariteit Helpende Hand se doel om mense te help om hulself te help. Hierdie strategie word ook in Solidariteit Helpende Hand se embleem uitgebeeld: dit

is nie ’n bedelhand nie en ook nie ’n gebalde vuis nie. Dit is ’n helpende hand, eerstens gerig op kwesbare groepe soos ouer mense, kinders en mense met gestremdhede en dan ook gesinne. Tweedens is die klem op volhoubare voorkoming en verbreking van maatskaplike probleme. Opleiding speel hier ’n belangrike rol. Mense se vlakke van opleiding bepaal hul vlakke van inkomste en daarom bly opleiding en opvoeding die beste belegging wat daar is. Dit is die kragtigste enjin van voorspoed en vorm deel van ’n omvattende maatskaplike ontwikkelingstrategie.

In die Gemeenskapsherstelplan word die visie en missie van Solidariteit Helpende Hand breedvoerig beskryf.

## Visie

Solidariteit Helpende Hand wil deur maatskaplik-gebaseerde gemeenskaps ontwikkeling die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel bevorder.

## Missie

Solidariteit Helpende Hand wil maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling in gemeenskappe bevorder deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbronontginning. Sodoende kan die mens deur sy gemeenskap ’n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende persoon word. Dit sal gesonde en funksionerende gemeenskappe tot gevolg hê. Die uitkoms moet ’n toekoms wees waarin die Afrikaner-kultuurgemeenskap en die Afrikaanse taalgemeenskap vry, veilig en voorspoedig kan wees.

Ons Gemeenskapsherstelplan het verder ten doel om gemeenskapskrag te ontgin. Hierdie krag lê in elke persoon se menslike potensiaal en godgegewe talente en gawes wat verder ontgin en ontsluit moet word. Volhoubare gemeenskapsontwikkeling kan slegs materialiseer indien die gemeenskappe volle vennote en drywers van die ontwikkelingsprosesse word en nie blote ontvangers of deelnemers bly nie. Die krag van die gemeenskap lê daarin dat gemeenskappe hul beskikbare hulpbronne mobiliseer en gemeenskapslede die onderskeie uitdagings uit hul eie wilsbeweging aanpak. Die krag van die gemeenskap word gesien in opstaan, saamstaan en saamwerk. Gedurende die inperkingstyd het ons gesien hoe gemeenskappe op hul sterkpunte en nie net op die tekortkominge fokus, nie.

Elkeen van ons is ’n ambassadeur van verandering en speel ’n integrale rol om ons eie gemeenskappe te laat floreer. Dan vorm ons ’n gemeenskap wat met hart, in krag saamstaan om hoop uit te dra. Daarom glo ons in die krag van die gemeenskap: uit die gemeenskap, deur die gemeenskap en vir die gemeenskap.

# Maatskaplikewerkdienste

Die maatskaplike afdeling is gedurende 2020 onverwags deur 'n tsoenami getref, maar die afdeling het hiérdie golf behoorlik gery.

Covid-19 infiltreer en die maatskaplike afdeling mobiliseer...

Suid-Afrika se algehele inperking wat vir 5 weke geduur het, het duisende mense oornag in 'n finansiële krisis gedompel aangesien besighede verplig was om vir die grendeltydperk te sluit.

Die belangrike rol wat die maatskaplike afdeling gedurende 2020 in Solidariteit Helpende Hand gespeel het, is moeilik om te verwoord, maar die statistieke spreek boekdele. Gedurende die inperking van Maart tot September 2020 het die maatskaplike afdeling 8 726 aanbevelings vir kospakkies gemaak. Verder is ondersteuning aan die streeksorganiseerders en vrywilligers met die samestelling en verspreiding van die kospakkies gebied. Helpende Hand is deur hulpversoeke oorval en 5 373 e-posse is hanteer. Maatskaplike ondersteuning is verder deur die maatskaplike advieslyn uitgebrei wat 5 dae per week beman is. Meer as 10 000 telefoniese hulpversoeke is op hiérdie wyse hanteer. Die afdeling was genoodsaak om 7 tydelike maatskaplike werkers aan te stel om te verseker dat diegene in nood so gou as moontlik ondersteuning ontvang het. Emosionele ondersteuning is aan die gemeenskap gebied deur meer as 30 inspirerende artikels in die media te publiseer.

Die maatskaplike afdeling het gedurende 2020 'n besonderse bydrae tot die welstand van senior burgers gemaak: 212 tehuise vir senior burgers is gekontak om ondersteuning te bied. Die afdeling het saam met vrywilligers ingespring om tehuise te ondersteun toe versorgers gestaak het. 'n Gids vir bejaardetehuise is saamgestel vir raad en leiding rakende senior burgers. Die maatskaplike afdeling het 'n integrale rol in die samestelling van die Grendelgenoot-projek gespeel wat emosionele, geestelike en fisieke ondersteuning aan ons senior burgers verskaf het. Senior burgers wat gedurende 2020 verjaar en 100 jaar en ouer geword het, is in samewerking met die streeksorganiseerders op 'n pragtige en waardige manier geëer. Opleiding is deur die Senior Mind Moves Instituut ontvang om seniors se lewenskwaliteit deur breinoefeninge te verryk.



Ten spyte van die enorme krisishantering het die maatskaplike afdeling steeds die beginsels van volhoubare

maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling toegepas. 'n Werkswinkel oor volhoubare programme en projekte is gehou, netwerkverhoudings in die onderskeie streke is versterk en gemeenskapsforums is begin om gemeenskappe te versterk. Streekbesoeke, -vergaderings en -opleiding het ten spyte van die inperking voortgegaan, en 'n hoogtepunt was die opleiding van maatskaplike werkers in die Wes-Kaap wat deur dr. Louise Aucamp van FACT aangebied is.

Die maatskaplike afdeling kyk terug op 'n jaar vol uitdagings, maar deur God se genade het ons die voorreg gehad om die uitdagings in oorwinnings te omskep. Ons het beleef hoe kragtig gemeenskappe kan wees wanneer hulle opstaan, saamstaan en saamwerk en ons is met dankbaarheid gevul.










# Ons Winkels

Die Ons Winkels het in 2020 hoogtepunte en laagtepunte beleef. Met die aanvang van die grendelstaat in Maart 2020, het al die winkels vir een maand toegemaak.

Die toekoms was onseker, maar deur die genade het ons weer ons deure oopgemaak — beter en sterker.

Die winkels het 2020 met 56 winkels afgeskop en in Desember met 78 winkels afgesluit. Met die opening van elke winkel vind daar daadwerklike werkskepping in die formele en informele sektor plaas.

Met die wins wat deur die winkels gemaak word, word verskeie projekte gefinansier. Die winkelkontrakteur het 'n inkomste, sowel as die werkers wat salarisse van hom of haar ontvang. Daar word uit verskeie winkels gemeenskapsprojekte geloods wat help om arm gemeenskappe te ontwikkel. Die fondse wat aan die verskillende streke toegeken word, help om studente te laat studeer. Hierdie rentevrye studielenings het gedurende 2020 ongeveer R4,5 miljoen beloop.












Gedurende 2020 het die winkels verskeie hoogtepunte beleef. Die nuwe korporatiewe identiteit is uitgebrei en daar is ook ʼn aanlyn winkel geskep. Sigbaarheid van die winkels het verbeter en ʼn formele beeld is geskep. Daar het ʼn gevoel van eenheid en spanwerk by die kontrakteurs posgevat.

Gedurende November 2020 het die kontrakteurs ʼn werkswinkel bygewoon waar daar spesifieke opleiding gegee is. Die kontrakteurs is ook met praktiese toepassings in die winkels toegerus. Die jaarlikse Prestige-aand aan die einde van die werkswinkel het weer plaasgevind waar daar verskeie pryse in verskillende kategorieë uitgedeel is. Ons Winkel Witbank het aan die einde van die aand met die prestige-toekenning as Winkel van die Jaar weggestap. Hierdie glansryke geleentheid bied aan die winkels die geleentheid om met hulle prestasies te spog en dien ook as aansporing tot beter dienslewering en verskaffing van gehalteprodukte.

Die bestuur en kontrakteurs van die winkels wil graag elke skenker vir al hulle skenkings bedank. Elke skenking en bydrae maak die winkelprojek ʼn sukses.

Sonder skenkings kan ons nie bestaan nie.


# Die Studiefondssentrum

## ‘n Gemeenskapstudiefonds

### Gemeenskapstudiefondse maak ‘n onmeetbare verskil in ons jongmense se lewens

Die hart van die Studiefondssentrum was nog altyd om hoop vir ons jeug te bring deur ‘n uitkoms aan jongmense te bied wat wíl studeer, maar nie die nodige finansiële ondersteuning het om hulle drome op ‘n blink toekoms te bewaarheid nie.

Moontlikhede wat geskep word in ‘n gemeenskap waar hulp deur die gemeenskap vir die gemeenskap gebied word, is die mooiste storie van hoop. Sedert 2012 is dit presies wat die gemeenskapstudiefondse vir meer as 430 studente kon doen. Studiefondse word deur die Solidariteit Helpende Hand-takke en -streke gestig en fondse word bymekaargemaak vir een gemeenskaplike doel: om jongmense in ‘n gemeenskap te laat studeer.



In 2020 besef ons weer dat die gemeenskapstudiefondse 'n onmeetbare verskil in ons jongmense se lewens maak en 'n kritiese deel van die sukses van die afdeling uitmaak.

Deur R14 miljoen in te samel deur middel van projekte, skep ons gemeenskappe hoop vir die volgende generasie, asook die generasies daarna. Vader Kestell het ons geleer om ander te help om hulself te help. Deur ander met die kennis en 'n kwalifikasie toe te rus, belê die Studiefondssentrum (en elkeen wat 'n bydra tot 'n Gemeenskapstudiefonds lewer) in die toekoms van 'n jongmens, wat op sy of haar beurt weer in die gemeenskap sal terugploeg.

Uit navorsing in 2020 onder voormalige leninghouers wat studiebystand uit gemeenskapstudiefondse gekry het, sien ons dat 75% van die gekwalifiseerde persone reeds in 'n voltydse betrekking staan. Hierdie jongmense ploeg reeds terug in die land se ekonomie en in die omgewing waar hulle werk. 75% van die jongmense kan ook getuig dat hulle hulself in 'n beter finansiële posisie as hulle ouers bevind. Hierdie statistieke dien as bewyse dat studiehulp 'n verskil maak en dat ons moet aanhou om ons jeug te bemagtig deur tersiêre opleiding vir hulle moontlik te maak.

Die Studiefondssentrum bedank graag elke taklid en vrywilliger wat in 2020 tot 'n Gemeenskapstudiefonds bygedra het en dit vir 127 studente moontlik gemaak het om deur middel van 'n rentevrye studielening te studeer. Ons kan nie wag om te sien hoe 'n groot sukses hierdie jongmense van hulle lewens gaan maak nie!



# Die Studiefondssentrum

## Onafhanklike studiefondse

Die Studiefondssentrum kyk met trots terug op 'n jaar waarin ons te midde van die Covid-19-pandemie en ekonomiese inkrimping steeds 'n totaal van R43,7 miljoen se studiegeld in die vorm van rentevrye studielenings aan 1 366 studente beskikbaar kon stel. Ons is besonder dankbaar vir elke donateur en Solidariteit Helpende Hand se ondersteuners wat hierdie reuseprestasie moontlik gemaak het.

Getrou aan die oortuiging dat opheffing die beste aan die hand van opleiding geskied, is ons besonder trots dat ons sedert 2009 bykans R250 miljoen se studiehulp aan meer as 6 000 behoeftige studente se studies bestee het.

## Hoogtepunte

**Die Studiefondssentrum het in 2020 die volgende hoogtepunte behaal:**

- 'n Rekordbedrag van R43,7 miljoen is aan ongeveer 1 300 studente vir hul studies uitbetaal.
- Ons enkele grootste skenking vir 2020 ter waarde van R4 miljoen is uit 'n trust ontvang.
- R14,5 miljoen is teruggevorder vanaf studente wat hul studies voltooi het. Hierdie geld word aangewend om nuwe studente se studies te befonds.
- Projek 40 is saam met Boere Droogtehulp SA MSW aangepak.



# Projek 40


Een van die Studiefondssentrum se hoogtepunte vir 2020 was Projek 40 wat ons saam met die organisasie genaamd: Boere Droogtehulp SA MSW kon aanpak. Boere Droogtehulp het gepoog om 40 trokke vol voer te mobiliseer en na 'n sentrale punt in Beaufort-Wes te stuur vanwaar dit versprei sou word. Solidariteit Helpende Hand se droom was om vir elke trok wat kon ry, 'n behoeftige student uit die droogtegeteisterde gebiede in die Noord-Kaap te kon borg. Uiteindelik was die twee organisasies saam bevoorreg om 36 trokke vol voer te ry en 26 studente geborg te kry. Dankie vir elke ondersteuner en borg wat dit moontlik gemaak het.




# Ten Slotte

Dankie aan elke ondersteuner van Solidariteit Helpende Hand en Solidariteit vir hul getroue bydraes. Druppels maak emmers vol, emmers word stroompies, stroompies word riviere en riviere word uiteindelik die see. Dankie aan elke skenker, trust en maatskappy wat tot die Helpende Hand Studiefondssentrum bygedra het. Vorentoe, met hart, in krag, tot hoop.

## Uit ons navorsing



# Hoogtepunte

## **Kommunikasie**hoogtepunte in 2020

Selfs al was 2020 'n jaar vol uitdagings kan Solidariteit Helpende Hand se kommunikasie-afdeling getuig van 'n genade jaar met die volgende hoogtepunte:

- Solidariteit Helpende Hand behaal die mylpaal van 40 000 ondersteuners.
- Ons stel ons nuwe Solidariteit Helpende Hand-app op IOS en Android Store bekend.
  Die app maak dit ook maklik vir ondersteuners om hulle gunsteling projekte te volg en te ondersteun. Die Ons Winkel se aanlyn winkel vorm ook deel van die app, waar jy tweedehandse klere en goedere aanlyn kan koop.
- Ons ondersteuners is verder vir ons belangrik en daarom versterk ons, ons data-stelsels in 2020 met dataspesialiste en maatreëls om ons ondersteuners se data te monitor, te bestuur en te beskerm.
- Ons stel 'n e-mandaat bekend. Die e-mandaat en kaartbetalingsmetodes vergemaklik die aansluit-proses vir nuwe ondersteuners. Die publiek kan aansluit by www.sluitaan.co.za.




## Krisisfonds

Die Solidariteit Beweging het 'n Krisisfonds gestig om die maatskaplike nood wat as gevolg van die Covid-19-krisis ontstaan het, te verlig. Die fonds is deur Solidariteit Helpende Hand bestuur. Die Krisisfonds word onder meer deur AfriForum, Solidariteit, Solidariteit Helpende Hand en die FAK ondersteun. Daar is in 2020 meer as R24 miljoen deur die Krisisfonds ingesamel om op 'n verantwoordelike wyse ons gemeenskappe in die moeilike jaar met voedselhulp by te staan.

# **Media**hoogtepunte

Solidariteit Helpende Hand se gewildheid in die media het van 2019 tot 2020 met meer as 100% gegroei. Ons het in 2020 'n rekordgetal plasings in die media behaal. Altesaam 1 650 plasings is oor Solidariteit Helpende Hand het verskyn:

- 768 aanlyn plasings
- 639 gedrukte plasings
- 243 radio- en tv-insetsels

Die waarde van dié plasings beloop nagenoeg R44,1 miljoen.

Die meeste plasings het in April en Mei verskyn en spruit uit die Covid-19-pandemie en Solidariteit Helpende Hand se hantering daarvan. Hierdie plasing gee inligting oor bejaardes, die Josef Silo's, die skenkings van die Douw Steyn-trust, die verspreiding van kos, die regsgeding met die regering oor die regulering van kos, asook goedvoelstories soos Bakkies Botha se BraaiVirAnder-inisiatief en die uitdeel van HelpJag-vleis aan behoeftige gesinne buite Pretoria. Amira Willighagen het ook die nuus gehaal nadat sy R80 000 geskenk het sodat Solidariteit Helpende Hand behoeftige kinders nie net met kos nie, maar ook met lekkernye kon bederf.

Die media-span kyk dankbaar op 2020 terug.









Publication: Beeld (Pretoria)
Date: Friday, August 14, 2020
Page: 3

MONUMENTAAL

## Erfenisdag: Steve-hulle hou konsert

### 11 sangers vier só Afrikaner se kultuur

Die 11 manne wat in die Monumentaal-konsert gehoor gaan word.

**Terésa Coetzee**

Steve Hofmeyr en 'n paar van sy musiekvriende het besluit om Erfenisdag in September met 'n groot aanlyn konsert te vier, juis om die mistroostigheid te besweer wat deesdae in die land heers. Derhalwe die geboorte van Monumentaal – Die Konsert.

Die eenmalige virtuele konsert, wat op 24 September van 17:00 tot 19:00 regstreeks plaasvind, is 'n splinternuwe konsep.

Tien mansangers sluit by Hofmeyr aan om Afrikaner-trots opnuut met hul musiek aan te wakker. Hulle is Bok van Blerk, Ricus Nel, Gerhard Steyn, Ruhan du Toit, Jay, Dewald Wasserfall, Adam Tas, Ghapi, Ivan Roux en Riaan Benade.

"Afrikaners se herkoms en erfenis ervaar daagliks druk, maar selfs dit sal Afrikaanse mense nie keer om saam fees te vier nie. Baie Afrikaanse kunstenaars is dit eens dat ons trots op ons erfenis moet wees. Afrikaners het 'n ryk geskiedenis, gevul met monumentale oomblikke wat gevier moet word," sê Barry Pretorius, wat verantwoordelik is vir die vervaardiging van groot konserte, soos die Innibos-hoofverhoog en Lexus Classics. Hy is ook die regisseur van Monumentaal.

Hofmeyr, wat 'n groot kampvegter vir Afrikaners is, beaam: "In hierdie jaar waarin ons monumente, taal, erfenis en ons oorlewing seker minder aandag as ooit kry, moet ons monumentale dinge doen."

Ruhan du Toit, wat die snit genaamd "Monumentaal" vroeër vandeesmaand uitgereik het, stem saam.

"Dis belangrik dat ons die verlede onthou en met trots ons erfenis vier! Só kan ons met geloof aan 'n toekoms bou," sê hy.

Konsertgangers kan hul regmaak om van die heel lekkerste Afrikaanse gunstelinge te hoor, soos Hofmeyr se "Pampoen" en Van Blerk se "Die kaplyn".

"Monumentaal is 'n viering van ons erfenis en 'n groot kuier in Afrikaans. Ons doel met die konsert is om in hierdie uitdagende tye net vir 'n slag weer te ontspan, te ontvlug en ook om te onthou dat daar altyd hoop is. Om dít te kan doen met die viering van musiek, huldeblyke aan ons monumente en boonop ook nog in die mooiste taal ter wêreld, maak hierdie konsert besonder spesiaal," sê Pretorius.

Volgens hom gaan dit die grootste aanlyn konsert wees wat tot nog toe in Afrikaans aangebied is.

"Ek kan nie wag vir Afrikaanse mense oor die wêreld heen om die geleentheid saam met ons te geniet en hul erfenis te vier nie. Ek doen 'n beroep op mense om kaartjies te koop – hulle het net een kans om dié konsert te sien," sê Barry.

■ Kaartjies kan by Computicket teen R120 gekoop word en konsertgangers moet seker maak hulle skakel op 24 September 17:00 in, anders gaan hulle die konsert misloop. Kry jou kaartjie by inbly.computicket.com.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.

# Nasionale Projekte

## Kosblikkie-projek




Solidariteit Helpende Hand het 84 skole en 8 000 kinders in 2020 daagliks van 'n gesonde maaltyd voorsien.

Die BlommeVirBrood-inisiatief ten bate van Solidariteit Helpende Hand se Kosblikkie-projek is in 2020 finansieel ondersteun deur Nonna's Blommewinkel. Solidariteit Helpende Hand kon 4 000 brode aan die Kosblikkie-skole uitdeel danksy die blomme wat vir brood geruil is.

Verder het ons 'n reuseskenking van Nutrilite se Little Bits-produk vir 2020 ontvang. Die produk verskaf 15 noodsaaklike vitamiene en minerale vir kinders vanaf 6 maande tot 5 jaar wat by die betrokke Kosblikkie-skole versprei gaan word.

## HelpJag

Die HelpJag-inisiatief word ten bate van Solidariteit Helpende Hand se Kosblikkie-projek onderneem. Gedurende die jag-seisoen van 2020 het HelpJag ongeveer 32 ton wildsvleis van oor die land ingesamel en aan behoeftige gesinne en instellings versprei. Die uitdaging in 2020 was dat die skole vir lank gesluit was en Solidariteit Helpende Hand reëlings moes tref dat die leerlinge kos by hul huise kry. Ons moes dus die leerlinge én hul gesinne van kos voorsien. HelpJag het gedurende 2020 ook vleis aan instellings soos ouetehuise, tehuise vir gestremdes en kerke voorsien.



Die projek is tweeledig – dit behels die skenking van vleis, asook finansiële skenkings. Daar is verskeie inisiatiewe wat tot die finansiële skenkings bygedra het. Die Randperkilogram-inisiatief maak byvoorbeeld daarvoor voorsiening dat lede van die publiek, selfs diegene wat nie jag nie, 'n bedrag van tot so min as R35 per kilogram se wildsvleis kan skenk in plaas daarvan om self te gaan jag.

Dan is daar ook korporatiewe entiteite wat 'n gedeelte van hul opbrengs aan HelpJag skenk:

- Bakkies the Butcher se Veld tot Vurk-speserye
- Appel se Ek is Jagter-klerereeks
- TriggerCam se BSP-produk
- Wild & Jag se virtuele aanlyn skou

HelpJag se jaarlikse jagtog saam met die hoofborg, Wild & Jag en ambassadeurs, het vir 'n verdere 500 kg wildsvleis gesorg wat aan die publiek geskenk is.









# Skooltassie-projek

In Januarie 2020 het Solidariteit Helpende Hand 3 000 tassies oor die land heen uitgedeel. Altesaam 121 skole het tassies ontvang wat aan behoeftige graadeens uitgedeel is. Gedurende die grendeltydperk het Solidariteit Helpende Hand besef dat daar 'n behoefte onder skoolkinders is wat skielik by die huis onderrig moet ontvang en het 'n verdere 1 000 sakkies met skryfbehoeftes uitgedeel.

Die Bybelgenootskap het 'n reuseskenking van 5 000 Bybelwerksboekies aan die projek gemaak en die werksboekies is toe tesame met die skooltassies aan behoeftige kinders uitgedeel.





# Bemagtig-'n-kind

Susan* en Johan,* twee tieners van Gauteng, het saam met hul ouers in 'n viermantent langs 'n rivier gewoon omdat hul pa sy werk verloor het en die gesin nie 'n ander heenkome gehad het nie. Sommige dae was daar geen kos nie en moes hulle honger gaan slaap. Die tent was al gehawend en wanneer dit gereën het, het al hul besittings nat geword. Ten spyte van hierdie moeilike omstandighede was beide kinders steeds gemotiveerd om skool by te woon en het hulle hul huiswerk sonder enige hulpmiddels of 'n gemaklike lessenaar in die tent gedoen.

Die Bemagtig-'n-kind-fonds het dit egter moontlik gemaak dat Susan* en Johan* in 'n koshuis geplaas kon word, aangesien die doel van hierdie projek is om kinders se potensiaal te ontgin ten spyte van uitdagende omstandighede.

Die Bemagtig-'n-kind-fonds is 'n vlagskipprojek van die maatskaplike-afdeling en dit maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid van behoeftes soos koshuisgelde, skoolvervoer, terapeutiese dienste, remediërende onderrig, ensovoorts.

Die projek is op Vader Kestell se siening geskoei, naamlik dat alle persone met liefde, deernis en begrip bygestaan moet word om bo sy of haar omstandighede uit te styg, eerder as om hom of haar deur liefdadigheid aan 'n toestand van afhanklikheid verslaaf te maak.

Gedurende 2020 is 45 kinders en twee instansies deur die fonds ondersteun met 'n totale bedrag van R158 409.67.

Dit sou egter nie moontlik gewees het om al hierdie kinders te kon ondersteun sonder die mildelike bydraes van die donateurs van hierdie projek nie en ons wil elkeen wat 'n bydrae gemaak het, opreg daarvoor bedank.

# Houers VOL Hoop

Tydens die Covid 19-inperking is Helpende Hand oorval met versoeke vir hulp van kwesbare groepe. Ons verwag dat die nood in die komende jaar steeds groter gaan word. Die Solidariteit Beweging se Krisisfonds is deur Solidariteit Helpende Hand se onafhanklike ouditeure geoudit en 'n spesiale oorsigkomitee het toegesien dat die geld reg aangewend is tydens 2020. In hierdie tydperk is die Houers Vol Hoop-projek bekend gestel vir mense wat graag wil help – maar nie weet hoe of waar nie.

Die strategie van die Houers Vol Hoop-projek was tweeledig; die publiek kon kos by hulle naaste Josef se Silo skenk, of hulle kon 'n kontantskenking maak sodat ons kos vir behoeftiges kon aankoop. Ons het spesifiek die woord "houer" gebruik, want dit is iets waaraan iemand fisies kon vat en waarvan iemand die inhoud kon gebruik. Ons het spesifiek die woord "Vol" gebruik, want dit is nie net 'n houer nie – die houer is ook vol "hoop", want saam met die bietjie kos, gee 'n mens ook hoop. Daar is meer as 4 046 Houers Vol Hoop vir gesinne aangekoop deur die publiek se skenkings met 'n waarde van meer as 1.4 miljoen rand.



# Tekkies en Toks




Vlokskop, die bekroonde skopafrigter, Vlok Cilliers, se stigting in samewerking met Morné Steyn, Springbok- en Blou Bul-speler, het pas saam met Solidariteit Helpende Hand hul Tekkies en Toks-projek van stapel gestuur. Die Tekkies en Toks-projek gaan met die publiek se hulp poog om in 2021 minstens 1 000 behoeftige hoërskoolleerlinge landwyd van daardie noodsaaklike items te voorsien wat hulle benodig om hul sport op 'n gelyke vlak met hul spanmaats te kan beoefen.



# **Monumentaal**-veldtog



Die Monumentaal-veldtog wat Solidariteit Helpende Hand in samewerking met Ruhan du Toit en die Coleske Artists in 2020 aangepak het, was een van die grootste ad hoc-veldtogte in Afrikaans is Groot se plek weens die inperking op konserte.

Na bykans 2 000 km en 5 dae se reis deur Suid-Afrika is die Afrikaner-monumente vasgevang soos nog nooit tevore nie. Hierdie veldtog gee aan ons 'n unieke terugblik op die Afrikaner se geskiedenis.

Die nuwe musiekvideo en snit, Monumentaal, se hoofdoel was om opnuut 'n identiteit by die Afrikaner te vestig. Dit is asof daar 'n hopeloosheid onder baie Afrikaners ontstaan het wat verbreek moet word. Ons glo dit is nodig dat ons weer ons verlede moet onthou en trots daarop moet wees, sodat ons in geloof aan 'n toekoms kan bou.

Solidariteit Helpende Hand se bekendstelling van die lied, Monumentaal, het verseker dat dié treffer die top 10 op verskeie platforms gehaal het. Die samehorigheid wat die lied onder ons personeel, ondersteuners en donateurs geskep het, was uiters suksesvol en almal het interaktief aan die veldtog deelgeneem.

Na afloop van die bekendstelling van die lied was daar 'n aanlyn konsert gehou waar ongeveer 22 000 mense na die vertoning gekyk het. Die veldtog is uitgebrei met 'n Monumentaal-reeks oor ons land se monumente en die geskiedenis wat daarmee gepaard gaan.



# HelpHetta-projek

Ten spyte van 'n uitdagende 2020, het die HelpHetta-projek in 2020 weereens verseker dat meer as 3 000 minderbevoorregte skoolmeisies regoor Suid-Afrika sanitêre ware en produkte vir persoonlike higiëne kwartaalliks kon ontvang. Navorsing toon dat 12,7% van alle skoolmeisies in die teikengroep nie sanitêre ware kan bekostig nie. Sedert die begin van die projek in 2015 is meer as R1,7 miljoen rand al aan die HelpHetta-projek bestee.

Die HelpHetta-projek poog om meisies die vernedering te spaar, hul waardigheid te beskerm en te verseker dat hulle elke dag kan meedoen aan skool-, buitemuurse en sosiale aktiwiteite.


In 2020 het die HelpHetta-projek gepoog om nie net die fisieke nood van die meisies te hanteer nie, maar ook hul emosionele en geestelike nood. Die projek stig 'n WhatsApp-groep, waar temas soos verwerping, groepsdruk, selfverdediging en mishandeling behandel word. Verder word die meisies emosioneel en geestelik ondersteun deur Solidariteit Helpende Hand se span maatskaplike werkers, wat gereeld boodskappe saamgestel en uitgestuur het.

Ons is dankbaar vir die getroue ondersteuning van ons vennote. Finesse Voelgoed Tydskrif skenk 10% van hul inkomste aan Helpende Hand, waarvan 'n groot gedeelte aan die HelpHetta-projek toegeken word. Gretha Wiid se aanlyn Worthy Women-konferensie skep 'n platform waar vroue geld vir die projek kan skenk en die Placecol-salongroep samel genoeg sanitêre ware en higiëneprodukte vir een hele besending in. Laetitia Dee en Minki van der Westhuizen stel 'n aanlyn program, BietjieMyTyd, vir vroue bekend en skenk 10% van die winste aan die projek.

Old Mutual se reuseskenking in Januarie 2020 het ons deur 'n finansieel uitdagende jaar gedra.

Die HelpHetta-projek funksioneer onder die vaandel van die FroueVonds.



# DROOMROKKE




In 2020 het die FroueVonds en die Ons Winkels saamgespan om meisies se droomgeleenthede deur die DROOMROKKE-projek waar te maak. Die projek word in samewerking met die bekroonde sangeres, Demi-Lee Moore, aangepak. In 2019 het Demi-Lee twee van haar pragrokke aan die FroueVonds geskenk in wat die aanloop tot die projek was.

Demi-Lee het haar beweegrede so verwoord: "Baie dames het al die voorreg gehad om spesiaal in 'n droomrok te voel. Vir ander voel spesiale geleenthede meer soos 'n berg wat hulle nie wil uitklim nie omdat hulle nie die perfekte rok kan bekostig nie. Met die DROOM-ROKKE-projek van die FroueVonds wil ons graag hierdie vroue en meisies bystaan en hul drome bewaarheid."

Die DROOMROKKE-projek word by Solidariteit Helpende Hand se Ons Winkels oor die land heen aangebied. Trourokke, matriekafskeidrokke, aandrokke en dineerokke van alle groottes en vir alle smake kan by die winkels geskenk word. Die rokke word dan teen 'n minimale bedrag aan meisies of vroue (wat dit andersins nie sou kon bekostig nie) verhuur.




Ons kon in 2020 daarin slaag om byna 700 rokke by die 23 Ons Winkels reg oor die land in te samel.

# FroueVonds en dagboek

Die FroueVonds staan nog in haar kinderskoene en is dankbaar vir elke oorwinning wat in 2020 behaal is.

Vroue is die hartklop van ons samelewing. Daar is dikwels dinge wat in die pad van voluit vrou-, meisie-, suster-, ma- en vriendin-wees staan. Dié belemmerings kan fisiek, emosioneel en geestelik van aard wees.

Die FroueVonds wil hier ingryp om dié leemtes te vul, die brug tot 'n beter lewe te bou en die kettings van armoede wat dreig om te vernietig, te verbreek sodat vroue wat hierdeur terug gehou word op die ou end as gesonde vroue in die samelewing kan funksioneer. Gesonde vroue lei tot gesonde gesinne en gesonde gemeenskappe.

Die FroueVonds doen dit deur volhoubare projekte in samewerking met ander vennote aan te pak.

Deur die FroueVonds stap ons 'n pad met elke meisie. Dit begin by die verskaffing van sanitêre ware en die bied van emosionele ondersteuning aan skooldogters deur die HelpHetta-projek. Danksy die DROOMROKKE-projek is die FroueVonds ook daar om behoeftige matrikulante te help om 'n matriekafskeidrok te kan hê. Die FroueVonds se pad sluit ook die Susanna Smit Studiefonds in wat geleentheid vir tersiêre studie vir behoeftige studente moontlik maak.

Ons stap die pad nog so 'n entjie verder deur groter klem te plaas op werkskeppingsinisiatiewe soos die FroueVonds-kopbande wat in 2020 bekendgestel is. Dié kopbande skep nie net werk vir handvaardige vroue nie, maar skep ook 'n lopende bron van inkomste vir die FroueVonds.




In 2020 het die FroueVonds 'n opwindende fondsinsamelingsinisiatief saam met Finesse Voelgoed Tydskrif en Lynette Beer aangepak. Ons het 'n FroueVonds-dagbeplanner vir 2021 bekendgestel. Die dagbeplanner word deur Carpe Diem Media uitgegee en R50 van elke dagbeplanner wat verkoop word, word aan die FroueVonds oorbetaal. Hierdie fondse word aangewend om die Susanna Smit Studiefonds te versterk om aan behoeftige meisies die geleentheid te gee om verder te gaan studeer.

# FroueVonds

## Die Susanna Smit Studiefonds

In 2020 het die Susanna Smit Studiefonds, 'n inisiatief van die FroueVonds, 13 studente in staat gestel om met studiebeurse ter waarde van R510 000 te studeer. Groot dank is verskuldig aan ons vennote Serwalo-Hair Academy, Imbalie Beauty-skoonheidsakademie, die Susca Watts-akademie en Guvon-akademie, wat hierdie geleenthede moontlik gemaak het.




Toeané Grobler, een van die Susanna Smit Studiefonds-studente, het 'n reeks kortkursusse in skoonheidsterapie aan die Imbalie Beauty-skoonheidsakademie voltooi.

Sy was van 2014 tot 2018 deel van die Bemagtig-'n-kind-projek totdat sy in 2018 gematrikuleer het. In 2019 kwalifiseer sy vir 'n beurs vir 'n reeks kortkursusse by die Imbalie Beauty-skoonheidsakademie. Met die hulp van 'n paar engele uit die Moot-Wes-vrywilligertak en die Paulshof-tak, studeer sy vir die grootste deel van 2019 by die skoonheidsakademie. In Desember 2019 word sy gevra om vakansiewerk by 'n Placecol-salon in die Kaap te doen.

In 2020 doen sy los werkies, maar sukkel om 'n vaste aanstelling te kry. Teen die einde van September word sy gevra om vir die Placecol-bestuurderspos in die Brooklyn-winkelsentrum aansoek te doen. Binne drie dae word sy gekontak om haar aanstelling te bevestig. Sy het op 5 Oktober 2020 as bestuurder en terapeut van Placecol in die Brooklyn-winkelsentrum begin werk.

Sy het elke geleentheid wat na haar kant toe gekom het, aangegryp en 'n reusesukses daarvan gemaak. Daar was moeilike tye waar sy in vreemde mense se huise tuisgegaan het en van ander afhanklik was vir kos- en brandstofgeld, maar sy het nie toegelaat dat enige iets haar terughou nie.

**Ons is ongelooflik trots op jou, Toeané!**

# Die SKYN-projek

Die SKYN-projek is uit navorsing gebore wat in 2019 onder behoeftige seniors en tehuise vir bejaardes gedoen is, Daar is bevind dat munisipale rekeninge vir 87% van die tehuise hul tweede of derde grootste uitgawe is. Hierdie tehuise sny eerste op hul instandhoudingsbegroting om die beskikbare geld eerder vir die versorging van seniors aan te wend.




Daarom het Helpende Hand besluit om in te gryp en ons seniors en persone met gestremdhede te ondersteun deur tehuise in staat te stel om die beskikbare begroting eerder vir die versorging van hierdie weerlose groepe as vir munisipale rekenings te gebruik.

Ons eerste stap is om die ligte in dié tehuise deur energiebesparende LED-ligte van hoë gehalte te vervang. LED-ligte is energiedoeltreffend en instellings soos tehuise, waar die ligte vir ’n groot deel van die dag brand, spaar tussen 50% en 90% op die beligtingsgedeelte van hul elektrisiteitsrekening. Dié ligte het ’n baie langer leeftyd,

bevat geen giftige elemente nie en is ook herstelbaar, wat dit ekovriendelik en doeltreffend vir tehuise maak.

Solidariteit Helpende Hand pak hierdie projek saam met Afrison aan.

## Die SKYN-projek ontstaan in 2020

Ons is dankbaar teenoor die publiek wat dit met skenkings in 2020 moontlik gemaak het om die Ons Hoop-tehuis in Nylstroom se ligte te vervang. Dit was die projek se eerste tehuis-begunstigde. Die vervanging van al die ligte in die tehuis lei tot 'n 59%-besparing op die tehuis se elektrisiteitsverbruik wat beligting betref. Die tehuis sal jaarliks dus bykans R10 000 op hul elektrisiteitsrekening bespaar.

# **Die katarakchirurgie**-projek

Solidariteit Helpende Hand het hande met dr. Allison gevat om katarakverwyderings vir diegene te doen wat dit so broodnodig het, maar dit nie andersins kan bekostig nie. Dr. Allison is die hoof van Vision 2020 by die Universiteit van Pretoria. Sy vra 'n donasie van ongeveer R5 000 per oog vir die operasie. Dit is 'n groot afslag op hierdie prosedure wat gewoonlik oor die R20 000 per oog kos. Terselfdertyd kan studente aan die universiteit die operasies bywoon om dit ook as 'n opleidingsgeleentheid te benut.

Altesaam 90 bejaardes se navrae oor die prosedure is deur die loop van 2020 na dr. Allison verwys.



# Die HelpHoor-projek





Die HelpHoor-projek het in 2020 altesaam 14 seniors van gehoorapparate vir albei ore voorsien. Lede van die publiek skenk jaarliks tweedehandse gehoorapparate aan die Instituut vir Gehoor, wat dit dan weer aan behoeftige seniors beskikbaar stel om die wonder van gehoor aan hulle terug te gee. Die Instituut vir Gehoor toets die seniors se gehoor en pas dan vir hulle 'n apparaat aan wat aan hul spesifieke behoeftes voldoen.

Die publiek kan reg deur die jaar enige tweedehandse gehoorapparate aan die HelpHoor-projek skenk om ons seniors se lewensgehalte deurentyd te verbeter.

# Die Breinaald-projek brei uit



Die Breinaald-projek het in 2020 op ons geliefde pasiënte gefokus wat aan Alzheimer se siekte of demensie ly, om hul hande en verstand besig te hou. Net soos wat kinders deur hul gunstelingkombers of sagte speelding gekalmeer en gesus word, so kan seniors wat met demensie leef deur 'n vroetelmou gesus word. Mense wat met demensie leef, soek gedurig na iets om aan te vroetel of aan te peuter. Hulle trek of byt aan hul klere, krap hulself stukkend, bal hul vuiste saam of vryf hul vingers teen mekaar. 'n Vroetelmou beskerm hul arms en klere en die vroetel-items op die mou maak hulle rustig en aktiveer herinneringe.



Skole, tehuise en vrywilligers het gedurende die grendeltyd ewe fluks vroetelmoue gebrei en ons kon honderde pasiënte van 'n paar vroetelmoue voorsien. Die vrywilligertakke in die Wes-Kaap het gewoeker met die projek en bykans 416 pare vroetelmoue aan demensie-pasiënte uitgedeel.





# Grendelgenoot

> *"'n Genoot vir ons seniors deur die lang grendeldae."*
>
> ~ *Benette Welman*

By die aanvang van die staat van inperking op 26 Maart 2020 was die verwagting dat die streng grendeltydperk drie weke sou duur, wat toe na vyf weke verleng is. Weke het maande geword. Alhoewel die regulasies vir die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners verslap het, moes tehuise, oorde en instellings vir senior burgers steeds aan baie streng inperkings-regulasies voldoen.

Die Grendelgenoot-projek is ná heelwat navorsing onder tehuise ontwikkel en in Augustus 2020 bekendgestel.

Met dié projek het Solidariteit Helpende Hand gepoog om 'n genoot vir ons senior burgers deur die lang grendeldae te wees. Ons wou tot hul emosionele, geestelike en fisieke welstand bydra deur 'n weeklikse Grendelpakkie aan hulle te stuur wat deur vennote en kenners op hul onderskeie gebiede saamgestel is. Die Grendelgenoot-pakkie is van Augustus tot November 2020 op verskillende platforms (webwerf, Telegram, WhatsApp en e-pos) na ongeveer 130 tehuise, 90 ander instellings en 90 individue versprei.

Die Grendelgenoot-pakkie het uit die volgende bestaan:

- Geestelike ondersteuning (saamgestel deur predikante)
- Emosionele ondersteuning (saamgestel deur sielkundiges, en maatskaplike werkers)
- Fisieke aktiwiteit (saamgestel deur Senior Mind Moves)
- Stories (voorgelees deur Elma Vertue)
- Aktuele insetsel (saamgestel deur Pretoria FM, Riaan Cruywagen en andere)

Regoor Suid-Afrika het seniors saam geluister, gelag en uitgesien na die weeklikse Grendelpakkie. Nina en Dawie Smith van Melkbos in die Kaap het byvoorbeeld laat weet dat hulle op Maandae, wanneer hulle 'n koppie koffie op die stoep geniet, met groot opgewondenheid op die weeklikse aflewering wag. Hulle vertel:

> *Ons luister lekker saam en probeer die oefeninge doen. Ons lag en huil lekker saam tydens die voorlesing van die verhaal. Die handwerkies is baie oulik en ons sal nog almal probeer doen. Resepte word neergeskryf vir later se uittoets. Ons luister na elkeen se bydrae en dit word baie waardeer.*

Piet Retief se tehuis het laat weet dat hul seniors baie spesiaal gevoel het omdat 'n organisasie hul belange tydens die grendeltyd op die hart gedra het.

Ons is dankbaar dat ons ons senior persone op hierdie manier kon bystaan tydens 'n emosioneel uitdagende jaar.

# Ere-ondersteunersnetwerk

By Helpende Hand glo ons dat ons ouer persone en persone met gestremdhede ook hulle eie sterkpunte en gawes het wat hulle met Solidariteit Helpende Hand se gemeenskappe en die gemeenskappe om hulle kan deel. So word hulle bakens van hoop in die samelewing.







In 2020 maak Solidariteit Helpende Hand met trots ons ere-ondersteunersnetwerk bekend. Hierdie netwerk bestaan uit ondersteuners wat almal bo 90 jaar oud is en persone met gestremdhede. Dit is 'n netwerk wat saam droom, glo en verstaan! Kom word deel van 'n familie wat omgee en saamstaan en 'n plekkie skep om te behoort. Hierdie ere-ondersteuners kan gratis by Solidariteit Helpende Hand aansluit en hoef dus nie 'n maandelikse bydrae te maak nie.

Met hierdie veldtog wil ons mense deel maak van die oplossing maak. Ons wil met hulle hande vat en 'n sterker Suid-Afrika bou.

# Oorsig van Streke

## Pretoria

Die Pretoria-streek het 2020 met 17 vrywilligergedrewe takke, 6 Ons Winkels, 'n Ons Plek in Derdepoort en 'n Ons Sentrum in Pretoria-Noord afgesluit.

Die streek het 13 gemeenskapstudiefondse wat in 2020 studiehulp ter waarde van R912 030 aan 24 studente kon voorsien.

Na byna 15 jaar is hierdie streek in 2020 in drie substreke verdeel, naamlik Pretoria, Pretoria-Oos en Sentraal.

Die jaar 2020 sal altyd as die jaar van afsondering, werksverliese en groot nood onthou word. Te danke aan ondersteuners en ander weldoeners kon Pretoria-streek in 2020 voedselhulp ter waarde van R3,7 miljoen aan 2 447 gesinne en 409 instansies vanuit ons Josef Silo's skenk.

Ten spyte van die inperking kon die streek verseker dat die kleuterskole wat deel van die Kosblikkie-projek vorm, steeds die nodige voeding kry. Die streek kon verder met die verspreiding van HelpJag-wildsvleis, brode en dies meer help. Die hoogtepunt van die streek was 'n jaar waartydens vrywilligers opgedaag het toe almal teruggestaan het. Hierdie vrywilligers was bereid om sale se vloere te was en kos te versprei toe almal hulself geïsoleer het. Sonder hierdie mooi harte en bereidwillige voete sou dié jaar, soos vir baie ander, 'n totale misoes gewees het. Hierdie vrywilligers maak ons hande sterk om ons gemeenskappe met hart, in krag tot hoop te dien. Ons sien met verwagting na 2021 uit.





# Pretoria-Oos



Die Pretoria-Oos-streek is op 10 Februarie 2020 net voor die grendeltyd gestig om 'n voetspoor in die Ooste van Pretoria te vestig. Die stigting van hierdie streek word as 'n genadegawe beskou.

Die Pretoria-Oos-streek was geseënd met gereelde skenkings wat ons dadelik aan ons eie en ander streke kon uitdeel.

Projekte is in samewerking met AfriForum en Solidariteit aangepak. 250 motorfietse het meer as 750 sopprodukte en 500 komberse geskenk. In die grendeltydperk kon ons 117 projekte ter waarde van ongeveer R1,4 miljoen in die streek afhandel. 216 gesinne, 109 instansies en buurstreke is tydens die Covid-19-inperking bygestaan.

Daar is tans drie gemeenskapstudiefondse in die streek wat studente met 'n bedrag van R231 000,00 vir studies in 2021 ondersteun het.

Op 5 September 2020 het die Ons Winkel in Silver Lakes geopen. 'n Besoek aan dié winkel is beslis die moeite werd!

Ons streek wil alle eer aan Ons Hemelse Vader gee vir al Sy seëninge gee. Wat ons het, is werklik net genade. Ons wil ook die breë gemeenskap, skenkers, vrywilligers en ondersteuners uit ons hart bedank vir die wonderlike ondersteuning en bereidwilligheid om saam met ons hoop te gee vir die toekoms en ons gemeenskap in 2021 verder te ontwikkel.



# Gauteng-Suid



Die jaar 2020 het soos enige ander jaar begin – maar dit het oornag verander. Tydens die inperking was ons nie net geseën met voedsel wat ontvang is nie, maar ook met mense wat net opgedaag het om te help, al is ons nie toegelaat om bymekaar te kom nie. Daar is was opgelaai, afgelaai, verpak, vervoer en versprei. Daar is hande gevat, saam gehuil, gelag en saam gestres oor padblokkades, kosdiewe en twee stakings by tehuise vir bejaardes. Op een van die koudste nagte van die winter het 'n wipbakvragmotor 15 ton los lemoene kom aflaai en steeds het die takke en die publiek kom help.

Die Gauteng-Suid-streek is in Oktober 2020 in twee streke verdeel, naamlik die Oos-Rand-streek en die Wes-Rand-Vaaldriehoek-streek. Die Gauteng-Suid-streek het in 2020 met een tak, die Veterane, gegroei en die takke in Meyerton en Sasolburg is herstig. Teen die einde van 2020 was daar 22 aktiewe takke wat hul direkte omgewings bedien. Daar is tans 10 gemeenskapsfondse ter waarde van R101 300 wat studente met tersiêre onderrig bystaan en 10 Ons Winkels in die Gauteng-Suid-streek.

Altesaam 966 kinders ontvang daagliks 'n gesonde maaltyd vanaf die Kosblikkie-projek en 1,2 ton vleis word in die streek versprei. Ons deel 600 skooltassies deur die Skooltassie-projek uit en 540 dogters word deur die HelpHetta-projek van sanitêre ware en produkte vir persoonlike higiëne voorsien. Die streek het vanjaar 145 projekte met 'n waarde van ongeveer R4,1 miljoen aangepak. Tydens die inperking het ons 4 165 gesinne en 262 instellings bygestaan.

Een van die streek se hoogtepunte van 2020 was die Randburg-tak se Vroetelmoue-projek wat nasionaal bekendgestel is. Die Krugersdorp-tak het tydens die inperking 'n skenking van piesangs ontvang en 135 piesangbrode vir behoeftige gesinne gebak. Die streek het 'n Monumentaal-kompetisie gehou om monumente in mense se direkte omgewing te verken en vyf van die takke het daaraan deelgeneem.

Elke jaar sê ons dankie, maar vanjaar kan ons nie genoeg dankie sê nie, want ons pak alles met hárt aan, ons doen dit alles in krág, want ons skep hóóp.



# Mpumalanga en KZN-Noord

Ons kan met dankbaarheid getuig dat hierdie streek uit 25 vrywilligerstakke, 9 dorpsverteenwoordigers, 'n Ons Spreekkamer, asook 'n nuutgevestigde gemeenskapsentrum, Ons Plek Volksrust, bestaan. Daar is 10 nuwe takke tydens 2020 gestig: Sundra, Hazyview, Ballito, Richardsbaai, Ladysmith, Rayton, Secunda, Morgenzon, Bronkhorstspruit en Kriel.

Vanuit hiérdie takke is die nasionale projekte ondersteun, onder andere HelpHetta, Houers-vol-Hoop, HelpJag, Skooltassie, Kosblikkie, Stophongerstafie-veldtog en die Bederf-'n-Bejaarde-verjaarsdag, waar 9 bejaardes se 100ste verjaarsdag in ons streek gevier is.

Gedurende 2020 is 'n totaal van 301 projekte deur die vrywilligertakke afgehandel. Rentevrye studentelenings vir 2021 ter waarde van R2 150 550 is aan 74 voornemende studente vanuit die streekstakke aangebied om toegang tot opleiding te verseker.

Die streek het 11 Ons Winkels in onder andere Standerton, Middelburg, Secunda, Reynorif, Witbank, Bethal, Bronkhorstspruit, Nelspruit, Witrivier, Ermelo en Richardsbaai. Die Ons Winkel in Witbank is ook in 2020 as die Winkel van die Jaar gekroon.

Ons bron van grootste trots is dat ons streeksdoelwit en -tema van die jaar met die Skephoop- en die MensieMoed-projek, bereik is. Ons het kinders van koshuisfooie, busgelde en skolehulp voorsien. 'n Gemeenskapsentrum is vir peuters, kleuters en naskooltoesigfasiliteite vir skoliere gevestig. Terapie en ouerleiding is vanuit Ons Spreekkamer gebied. Meer as ooit vantevore het ons tydens die Covid-19-pandemie geleer dat ons Vader vir die mens, dier en veld sorg en as mense se harte oop en vol van omgee is, skenk hul hierdie genade vir ander ook. 'n Totaal van R4,8 miljoen se kontant en produkte is in hierdie streek ingesamel om 2 186 gesinne en 248 instansies (onder andere ouetehuise, kerke en skole) van voedselhulp te voorsien.

Dankie aan elke liefdevolle omgee-boer en -donateur, 'n wonderlike ondersteunende Hoofkantoor- en Streeksbestuur-span, elke praghart-taklid, asook hulpvaardige AfriForum-lede en top Helpende Hand-vrywilligers!





# Limpopo

Die Limpopo-streek het 2 nuwe takke in 2020 in Ellisras en 'n oorkoepelende tak vir die Brits-Madibeng-area die Soetdoring-tak – gestig. Beide hierdie takke is gedurende die inperking gestig as direkte uitvloeisel van 'n ongelooflike pad wat ons saam met hierdie dinamiese mense gestap het om die nood in hul gemeenskappe te hanteer.

Hierdie streek het tans 18 aktiewe takke in hulle onderskeie gemeenskappe. Dit is kosbaar dat die takke steeds, te midde van uitdagende omstandighede, aan al die nasionale projekte kon deelneem soos die HelpJag-inisiatief en Kosblikkie-projek om behoeftige gesinne in die gemeenskappe by te staan. Daar is tans 6 Ons Winkels in die streek.

Die hoogtepunt van 2020 was ongetwyfeld die positiewe en mooi dinge wat ten spyte van al die uitdagings en onsekerheid van hierdie deurmekaar jaar gebeur het. Ons kon bykans 3 500 gesinne en 175 instansies gedurende die inperking bystaan. Ons het 274 projekte in 16 dorpe aangepak en nie net onbeskryflike kameraderie onder ons bestaande vrywilligers en netwerke beleef nie, maar ook nuwe netwerke en sterk bande gevorm. Ten spyte van geweldige druk en moeilike omstandighede het ons vrywilligers sterker uit die stryd getree en nie net in basiese behoeftes voorsien nie, maar ook kinders en onderwysers bemagtig, opheffingsprojekte aangepak en deur 14 studiefondse studielenings aan behoeftige studente toegeken. Ons het opnuut beleef hoe ons SAAM STERKER is en watter ongelooflike krag daar in gemeenskappe lê wat saamstaan. Ons hét oorleef, ons hét behoue gebly en ons kon saam elke uitdaging in die oë kyk en telkens oplossings kry om 'n volhoubare verskil te kon maak. Ons het geleer dat ons planne KAN maak en dat daar ALTYD hoop is. Dit was 'n uitputtende jaar, maar ons kyk terug met trots en met die wete dat ons dit GEMAAK het!

Ons staan nederig voor ons Skepper – Sy Hand van bewaring was altyd oor ons – en Hy het ons KRAG en MOED in moedelose tye gegee. Ons is dankbaar vir 'n reuse-organisasie wat ons gedra en beskerm het. Ons is oorweldig deur die deursettingsvermoë, passie en toewyding van ons kosbare vrywilligers. Ons is opgewonde om opnuut hande te vat en om SAAM vorentoe te loop: met hart, in krag, tot hoop.






# Oos-Kaap en KZN-Suid

Teen die einde van Desember 2020 was daar 18 takke en 7 dorpsverteenwoordigers in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal-Suid. Twee takke, naamlik Port Natal en Suidkus (Margate en Port Shepstone), is in 2020 gestig. Een dorpsverteenwoordiger van Pietermaritzburg het vanjaar by ons aangesluit.

Die meeste van die takke doen verskeie nasionale projekte: die Kosblikkie-, Skooltassie-, HelpHetta-, Breinaald-, FroueVonds- en StopHonger-projek sowel as die HelpJag-inisiatief.

Van die hoogtepunte in 2020 sluit in die Queensburgh-tak se Koeksister-projek waar dames geleer word hoe om koeksisters te bak en te verkoop om 'n inkomste te verseker. Alle bestanddele vir dié projek is as skenking ontvang. In Uitenhage word mans in sekuriteit opgelei om werk te kan kry en vir hul gesinne te sorg. Hierdie jaar se streekvergadering is in die droogte geteisterde Jansenville gehou. Ten spyte daarvan word die vrywilligers van Helpende Hand met kennis geseën en ook vir hulle harde werk in 2020 bederf.

Daar word in 2020 'n totaal van 52 projekte ter waarde van R 230 284.00 aangepak. 'n Totaal van 96 streeksprojekte ter waarde van R 2 199 500.50 word ook met trots aangekondig. Tydens 2020 se grendelstaat word 1 711 gesinne en 108 instansies met voedsel gehelp.

Daar was tot aan die einde van 2020 'n totaal van 15 gemeenskapstudiefondse in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal-Suid uitbetaal. Aan die einde van 2019 het die streek 7 Ons Winkels in die Oos Kaap gehad en geen in KwaZulu-Natal-Suid nie. Teen die einde van 2020 staan Ons Winkels op 'n totaal van 13 waarvan 4 in KwaZulu-Natal-Suid geopen het.

Al hierdie wonderlike inisiatiewe en werk kon nie sonder gewillige hande gedoen word nie. Hoe sê mens dankie aan onbaatsugtige vrywilligers? Hoe bedank mens die skenkers met groot harte en oop beursies? Hoe betoon ons, ons opregte dank aan Solidariteit Helpende Hand Hoofkantoor, kollegas, vriende, familie, kennisse en netwerke? Woorde sal nooit genoeg wees nie, maar hiermee sê ons HARTLIKE DANK aan almal!





# Noordwes en Noord-Kaap

Vrywilligertakke in dié provinsies het met twee takke in Ventersdorp en Zeerust gegroei. Verskeie langafstandbesoeke is in die uitgestrekte en ylbevolkte streek onderneem en daar word gevorder met die aanvanklike doelwit om dorpsverteenwoordigers te werf. In 2021 sal ons streek 26 takke en 6 aktiewe dorpsverteenwoordigers sterk wees.

Uit dié streek is vanjaar 38 takprojekte ten bedrae van R150 000.00 afgehandel, sowel as 126 streekprojekte ter waarde van R2,24 miljoen. Dit sluit Josef Silo-hulp ter waarde van R1,16 miljoen in. Die Josef Silo-hulp bestaan hoofsaaklik uit voedselhulp wat uit streeksontvangstes van R1,57 miljoen befonds is. Met hierdie projek is daar oor 26 weke voedselhulp aan 1 700 gesinne en 42 instansies gelewer.

Die streek se takke het ruim bygedra om armoede te takel. Koster het nuwe gordyne vir die bejaardetehuis se eetsaal geskenk en gesorg dat twee kinders oogtoetse ondergaan en 'n bril kry. Viljoenskroon dra ruim by tot die subsidie van leerders in die skoolkoshuis, en Stilfontein staan 'n hulpbehoewende moeder by met die versorging van haar vroeggebore baba.

Die Ventersdorp-tak skenk en installeer bedrading vir die kamerastelsel in die tehuis vir bejaardes. Koppies is betrokke by 'n groentetuin by die plaaslike NG-gemeente en borg 'n aantal bejaardes om etes by die tehuis vir bejaardes te neem. Klerksdorp het 'n nuwe voedselverwerker aan 'n tehuis vir bejaardes geskenk, en Groot Marico het twee seuns met nuwe skool- en gewone klere uitgerus en hulle vir 'n bederfdag na Rustenburg geneem. Stella-tak het daarin geslaag om 'n plaaslike kleuterskoolonderwyseres te help om 'n formele kwalifikasie te verwerf en 'n pos by 'n kleuterskool te kry.

In die Noord-Kaap word saamgewerk om voedsel en veevoer na droogtegeteisterde gebiede te versprei. 'n Geslaagde streeksvergadering is teen November in Jan Kempdorp aangebied.

Takke in die streek neem deel aan die meerderheid van Solidariteit Helpende Hand se nasionale projekte. In die Noord-Kaap word wildsvleis aan behoeftiges gelewer as deel van die HelpJag-inisiatief. Die streek lewer 274 skooltassies en skooldogters van sewe skole baat by die HelpHetta-projek.



Daar is agt studiefondse in die streek wat vanjaar studiehulp ten bedrae van R210 000 aan sewe studente bied. Wat Ons Winkels betref, is Klerksdorp se twee persele gekonsolideer, terwyl Upington en Sannieshof gedurende 2020 geopen het. Daar is tans ses Ons Winkels in die streek, met groei op hierdie terrein wat as prioriteit vir 2021 geïdentifiseer is.

Samevattend was 2020 'n baie moeilike jaar gegewe die Covid-19-pandemie. Ten spyte daarvan is daar geslaag in die oorkoepelende doelwit om Solidariteit Helpende Hand se voetspoor in die Noordwes en Noord-Kaap te verstewig.






# Vrystaat

Grendeltyd, inperking, masker, sanitasie, permitte ... Covid-19! Dit is woorde wat niemand van ons meer wil hoor nie, maar juis weens hierdie woorde het ons woordeskat in 2020 bestaan uit woorde soos genade, seën, oorvloed, krag, vrywilligers en bowenal dankbaarheid!

Dit is onmoontlik om 'n jaarverslag vir 2020 te skryf sonder om met die impak van die grendelstaat te begin. Mens kan lang paragrawe skryf, maar ons gee graag ons streek se statistiek deur wat die feite vasvang.

Opsomming van hulp wat vanaf 27 Maart tot 6 Desember 2020 ten opsigte van voedselnood verleen is:

- Gesinne gehelp: 3 652
- Aantal persone in gesinne: 11 303
- Totale hoeveelheid persone bygestaan (ingesluit sentrums): 28 470
- Bedrag bestee: R2 340 238 (dit is die kontantwaarde plus die kos se waarde van R2,3 miljoen!)



Hierdie syfers is eerstens moontlik gemaak deur die genade van ons Hemelse Vader en die onbaatsugtige diens van ons 17 takke en 7 dorpsverteenwoordigers in ons streek.

Die hoogtepunt vir ons streek was beslis die ingryping wat ons kon help bewerkstellig by die Siesta Tehuis vir Bejaardes in Bloemfontein. Hierdie tehuis het soos vele ander groot uitdagings in 2020 beleef, maar weens die unieke posisionering van die tehuis wat geen ondersteuning van die staat of ander instansies ontvang nie, was dit ’n ideale projek waarby Solidariteit Helpende Hand betrokke kon raak. Ons is dankbaar oor die afgelope paar maande se groei by hierdie projek en sien met verwagting uit na 2021 se betrokkenheid by die tehuis!

Vanjaar is 116 takprojekte en 268 streeksprojekte ter waarde van ongeveer R1 miljoen (addisioneel tot die R2,3 miljoen se verligting weens die grendelstaat) deur die streeksfonds gefinansier. Om takprojekte uit te sonder, is onmoontlik en daarom ’n paar algemene projekte wat deur die streek aangepak is:

- die betaling van koshuisgelde vir kinders om uit haglike huislike omstandighede te kom en beter op skool te presteer;
- die betaling van busgelde om veral kinders op afgeleë kleinhoewes en plattelandse dorpe by te staan om skool by te woon;
- hulp aan jongmense om ’n rybewys te bekom wat hulle ’n beter kans bied om werk te kry;
- kleuterontwikkelingsklasse vir jong mammas; en
- verskeie gevalle van suksesvolle hulpverlening om werksoekers en werkgewers bymekaar uit te bring.

Verder het ses rentevrye studiefondse in die streek agt studente met studiehulp ter waarde van R142 500 bygestaan sodat hulle selfstandig kan word. Daar is ook drie nuwe Ons Winkels in Reitz, Rouxville en Aliwal-Noord geopen.

By Solidariteit Helpende Hand Vrystaat-streek glo ons nie in die “nuwe normaal” nie; ons glo in die “ou normaal” – geloof, hoop en liefde.





# Wes-Kaap




Vir die Wes-Kaap-streek was 2020 'n uitdagende, maar ook opwindende jaar van groei en gee. Die jaar het met 13 takke afgeskop en het later nog 5 takke bygekry, naamlik: Worcester, Piketberg, Albertinia, Stilbaai en Langebaan om die jaar met 18 takke af te sluit. Die Ons Winkels in die Wes-Kaap het met 5 nuwe winkels gegroei, naamlik: Piketberg, Milnerton, Worcester, Albertinia en Riversdal wat heropen is. Daar is 238 nuwe ondersteuners hierdie jaar gewerf.

In 2020 is 343 streek- en takprojekte ter waarde van ongeveer R1 900 937,31 aangepak. Daar is ook aan al die nasionale projekte deelgeneem. In die 26 weke gedurende grendeltyd is 1 268 kospakkies uitgedeel en 213 instansies ondersteun. Die volgende projekte het vanjaar uitgestaan: die streekvergadering na die inperking waartydens Demi Lee Moore opgetree het; die vroetelmoue wat regoor die streek gehekel en uitgedeel is; betuigings van dankbaarheid teenoor die versorgers en onderwysers wat bederf is; 'n poppekas by kleuterskole; en die Wellington-tak se SAP-traumakamer wat opgeknap is. Honderdjariges in die streek is vereer en bederf en kinderbybels is aan gesinne wat kospakkies ontvang het, uitgedeel. Laastens was die veldmark 'n hoogtepunt waartydens 80 entrepreneurs die geleentheid gegee is om hul produkte te bemark en verkoop – dit is 'n uitstekende volhoubare projek om klein besighede te ondersteun.

Die Wes-Kaap het tans 56 studiefondse wat behoeftige studente met 'n bedrag ter waarde van R1,5 miljoen ondersteun.



Die Wes-Kaap se doelwit vir 2020 was om vier nuwe takke te stig, vyf nuwe Ons Winkels te open en studiehulp van ten minste R1 miljoen aan studente te gee. Hierdie doelwit is ten spyte van 'n uitdagende jaar ten volle bereik.

Baie dankie aan almal by Hoofkantoor vir die ondersteuning, 'n hartlike dank aan al ons vrywilligers wat op tak-vlak dien, asook aan ons donateurs en maandelikse ondersteuners wat al die bogenoemde projekte moontlik maak. Laastens, 'n groot dankie aan al die kontrakteurs van die Ons Winkels in die Wes-Kaap.

# Oorsig van die Sentrum en Ons Plekke

## Ons Plek **Derdepoort**



Ons Plek Derdepoort het in 2020 met 21 kinders gegroei en sorg tans weekliks vir 65 kinders. Ons bedien tans 7 verskillende skole: Laerskool Derdepoort, Totiusdal, Voorpos, Gereformeerde Skool Dirk Postma, asook drie spesiale-onderrigskole naamlik Transvalia, Sonitus en Via Nova. Via Nova se kinders leer by ons sosialiseringsvaardighede tydens vakansies.

Gedurende die grendelperiode het ons die ouers van ons naskool, asook lidmate van die Gereformeerde Kerk Derdepoort met kospakkies bygestaan. Ons het gedurende dié tydperk ondersteuning ter waarde van altesaam R113 29.54 aan 254 gesinne en 13 organisasies gebied ten opsigte van voedsel en verskeie ander behoeftes.

Ons samewerking met die WeCan-projek was 'n reusesukses. Ongeveer R22 645 se kos is met die projek ingesamel. Heerlike sop en vars groente is vir behoeftige gesinne gegee.

Tydens die grendeltydperk het ons huiswerk wat elektronies gestuur is vir ouers gedruk, Zoom-ekstraklasse aangebied en gehelp met huiswerk waar ons kon. Vetkoeke, piesangbrood en muffins is gebak en saam met kospakkies versprei. Ons het gepoog om elke keer die kospakkie ekstra spesiaal te maak en op Hemelvaartdag is daar 'n spesiale Bybelboodskap en 'n Bybel by elke kospakkie ingevoeg.

Een van ons groot hoogtepunte was die jong sangeres, Amira Willighagen, se skenking wat ons aangewend het om die kinders na die grendeltydperk terug te verwelkom. Die tema was "Superhelde" om die kinders uit te beeld wat regtig die grendeltydperk soos kampioene deurgesien het. MobileZoo het ons kom bederf en die kinders het dit vreeslik geniet en self hul eie dieremaskers vir die dag te maak.



Alhoewel dié jaar uitdagend was, het ons dit met hoop en dankbaarheid afgesluit.

# Ons Plek **Strand**

Ons Plek in die Strand het in 2014 met 20 kinders in die naskoolsentrum en 7 kinders in die voorskoolklassie begin. Danksy talle netwerkvennote en die gemeenskap se bydraes, liefde, tyd, skenkings en omgee word daar in 2020 na 15 voorskoolse kindertjies tussen 3 en 5 jaar, asook na 93 kinders tussen 6 en 18 jaar by die naskoolsentrum omgesien. Daar word hulp met skoolwerk verleen en ekstra klasse word aangebied.

Weens die Covid-19-pandemie was Ons Plek genoodsaak om ons kinders se gesinne ook gedurende die inperkingstyd te versorg. In Maart het ons na 60 gesinne omgesien en in April het dit vinnig tot 140 gesinne gegroei. Ons het in hierdie tyd ook die gesinne in die nabygeleë Kays Karavaanpark bygestaan. Gedurende die inperkingstyd het ons 1 596 gesinne en 36 instellings met voedselhulp bygestaan.

Ons Plek het dit moontlik gemaak om in samewerking met netwerkvennote 'n seun se koshuisfooie by HTS Drostdy in Worcester te betaal. Hy word reeds twee jaar daar geborg en vorder goed. Verder is twee leerlinge se skoolgeld by privaat instellings betaal omdat hulle nie vir kwytskelding by staatskole kwalifiseer nie. Drie leerlinge se Graad R-fooie is by Laerskool Hendrik Louw betaal en die koste van drie leerlinge by die Gloria Botha-skool vir kinders met gestremdhede is ook deur ons gedra. 'n Dogter wat sedert 2014 deel van Ons Plek was, het in 2020 haar tweedejaarkursus in Onderwys aan die Universiteit Stellenbosch geslaag. Ons ondersteun haar steeds met haar dag-tot-dag-onkoste.

Ons Plek glo nie net aan ondersteuning vir kinders nie, maar ook aan ondersteuning vir gesinne en ouers. In die Covid-19-tyd het baie van ons ouers hul werk verloor en het ons hulle met die opstel van CV's en om werk te soek, bygestaan. Laastens bied Ons Plek ook arbeidsterapie, sielkundige ondersteuning, spelterapie, berading en evaluerings vir kinders se skoolgereedheid aan.

Ons Plek wil almal bedank wat ons getrou ondersteun en ons in staat stel om van krag tot krag te gaan.







# Ons Sentrum Pretoria-Noord

Die jaar 2020 was vir Ons Sentrum in Pretoria-Noord 'n nuwe begin. Die nuwe maatskaplikewerkterapeute het nuwe hoop in die gemeenskap gebring. Aanvanklik was daar weens die Covid-19-regulasies noodgedwonge 'n tydperk van stilte in hul werksaamhede en moes die sentrum se maatskaplike werkers op ander terreine uithelp. Namate die inperkingsregulasies verslap het, het die terapeute geleidelik begin terugkeer na dít wat hulle na aan die hart lê.

Ons Sentrum se terapeute het in 2020 die volgende vermag:

- 46 sosio-emosionele kinderassesserings is gedoen;
- 162 terapiesessies is aangebied;
- 47 terugvoersessies is aan ouers gegee;
- 8 beradingsessies is vir volwassenes aangebied; en
- 25 kinders het spraakterapie ontvang.

Altesaam 65 kinders is binne 4 maande deur hierdie sentrum bedien.

Verder help ons terapeute ook die kinders van Ons Plek Derdepoort. 'n Paar spraakterapie-studente van die Universiteit van Pretoria (UP) het ook op 'n gereelde grondslag hul dienste by hierdie Ons Sentrum kom aanbied. Dit was duidelik dat van die kinders se spraak reeds by hierdie hulp gebaat het. Verder het UP se Departement Arbeidsterapie ook ingestem om vanaf 2021 van hul studente tot Ons Sentrum se beskikking te stel. Twee dames met 'n honneursgraad in Sielkunde het ook hul dienste vrywillig kom aanbied vir 2021. 'n Traumaberader is nou ook beskikbaar vir volwasseberading en 'n ervare lewensafrigter het by ons span aangesluit om 2020 op 'n hoë noot af te sluit en 2021 met vertroue in te gaan.





# ORANIA

Die Covid-19-pandemie het tot gevolg gehad dat daar versnelling op verskeie vlakke van die samelewing plaasgevind het. Hierdie versnelling was ook in Orania te bespeur en die afgelope jaar was daar groot belangstelling in Orania – meer as 100 verblyfregsaansoeke is gedurende die laaste kwartaal van 2020 hanteer. Ten spyte van die Covid-19-uitdagings het Orania verskeie hoogtepunte beleef.

Die maatskaplike been van Orania Helpmekaar kon daarin slaag om die Covid-19-toets met vlieënde vaandels te slaag en het in 'n geloofwaardige welsynsorganisasie ontwikkel. Die maatskaplike werker in Orania het die afgelope jaar 'n verskeidenheid van professionele dienste ten opsigte van maatskaplike werk gelewer wat onder andere die volgende insluit: die hantering van maatskaplike probleme; opleiding aan verskeie instansies; uitbou van netwerkverhoudinge; en ondersteuning met betrekking tot verblyfregaansoeke.

Dié diens is verder uitgebrei deur die maatskaplike konsultasiedienste van me. Lenie Kotze wat ook 'n bejaardesorgplan saamgestel het. Gedurende Oktober is 'n uiters suksesvolle Bejaardesorgweek in Orania aangebied en 45 senior burgers het hierdie verrykende geleentheid bygewoon.

Alhoewel die vraag na voedsel gedurende die inperking dramaties gestyg het, het die Maatskaplike Kantoor doeltreffende en volhoubare strukture in werking gestel om suksesvol in die behoefte te voorsien. Die kospakkies het reeds van 155 per maand tydens die inperking na 13 verminder. Sodoende is afhanklikheid voorkom en die mense in nood word meer volhoubaar bygestaan.

Orania Helpmekaar het die afgelope jaar gunstige uitbreiding getoon, en die Werksburo is onder leiding van me. Sanri Stone gevestig.

Die samewerking met werkgewers in Orania om oplossings vir maatskaplike kwessies te vind, wat nie altyd in die res van Suid-Afrika moontlik is nie, was 'n besonderse hoogtepunt in 2020. Tydens die inperking het Orania Helpmekaar, in samewerking met die omliggende plase, werk aan 15 persone verskaf wat andersins geen inkomste sou verdien het nie.

Ten spyte van 'n uiters moeilike jaar het ons opwaartse groei beleef en is Orania gereed om in 2021 nóg nuwe strategieë te ontwikkel.

# 'n Nuwe afdeling

# Solidariteit Helpende Hand nóg sterker, nóg groter

Die jaar 2020 sal in die annale sekerlik bekend bly staan as die Covid-19-jaar. Op 16 Maart 2020 het die nuwe afdeling, Bewegingskakeling en Welstand, sy ontstaan by Solidariteit Helpende Hand gehad. Met die aanbreek van die Covid-19-pandemie het verdere armoede ontstaan as gevolg van die uitwerking van die pandemie en die staat van inperking op die land se ekonomie.

Die Maatskaplike Herstelprogram is een van die drie pilare van Solidariteit se Werkherstelplan. Dit is vir Solidariteit Helpende Hand belangrik om Solidariteit-lede toe te rus om hul werk te doen. Die ekonomiese impak van die grendelstaat was reeds vroeg sigbaar in die werkloosheidsyfers, afleggings, verminderde inkomste en dit het 'n klimaat van werksonsekerheid geskep.

Hierdie faktore het 'n impak op lede se emosionele en geestelike welstand. Die Solidariteit Helpende Hand se Bewegingskakelingsafdeling fokus daarop om holistiese ondersteuning aan Solidariteit-lede te bied. Waar lede nie die hulpmiddels soos werknemersondersteuningsprogramme wat in die werkplek tot hul beskikking is, kan gebruik nie, word hulle vir bystand en berading binne netwerke van Solidariteit Helpende Hand se strukture verwys.

Toe daar vir kospakkies of maatskaplike hulp aansoek gedoen is, is voorkeur aan lede gegee. Groepaansoeke is dadelik met die samewerking van die betrokke Solidariteit Helpende Hand-streeksorganiseerder en die Solidariteit-organiseerders hanteer. Van Junie tot November 2020 het Solidariteit Helpende Hand na die fisieke welstand van 440 Solidariteit-lede en hul gesinne omgesien deur kospakkies ter waarde van R320 899 aan hulle te voorsien.

Wanneer lede verwys is of self aansoek om hulp gedoen het, is 'n volledige assessering gedoen om die werklike behoefte te bepaal en te hanteer. Waar daar voedselnood was, is kospakkies voorsien. Die hulp is voorsien vanaf die Solidariteit Helpende Hand-takke in die dorpe en streke waar lede bly.

Omdat elke lid binne die gemeenskap funksioneer waar hy of sy werk, word netwerke in die gemeenskap gemobiliseer om ondersteuning te bied. Solidariteit-lede wat in

die spesifieke gemeenskap werk, is ook betrek by projekte om hulpbehoewende lede te ondersteun. Die uiteindelike doel hiervan is om elke Solidariteit-lid 'n aktiewe en verantwoordelike burger in sy of haar gemeenskap te maak. Die sekondêre doel is om nuwe vaardighede aan te leer en netwerke te bou.

Die Solidariteit Beweging se skakelingsafdeling fasiliteer die prosesse vir lede binne die strukture van Solidariteit Helpende Hand. Ons glo in die veerkragtigheid van ons lede en weet dat hulle deur onderskraging, leiding en ook selfmotivering deur die huidige krisis sal kom en sal saamstaan om sélf lewensruimtes te skep waarin hulle optimaal kan funksioneer.

Gesinne is een van die pilare waarop gemeenskappe gebou word. Binne elke ankergemeenskap word die netwerk van die Solidariteit Beweging se instellings gebruik en gekoördineer om nie net die lid nie, maar sy of haar gesin by te staan. Die strukture binne die Beweging ondersteun en bemagtig leerlinge, studente, werksoekers en werknemers om te groei en tot hul volle potensiaal te ontwikkel en om self 'n bydrae tot die ekonomie van die gemeenskap te maak.

Die Solidariteit Helpende Hand se leuse, "In hart, met krag tot hoop," het begin sin maak vir elke aktiewe Solidariteit-lid en sal dan ook op dié manier 'n leefwyse word.



# Solidariteit Helpende Hand sê

# Dankie

Solidariteit Helpende Hand glo daarin om in dankbaarheid te ploeg, in hoop te saai en in geloof te oes. Helpende Hand het in 2020 werklik geploeg, gesaai en geoes. Daarom was dit vir ons ook belangrik om 2020 af te sluit deur net dankie te sê!

Willem Van der Ryst, onderskryf deur Vonk Musiek, ondersteun ons in ons veldtog deur vir ons die Dankiesê-veldtog se temalied te skryf en te sing. Solidariteit Helpende Hand wil dan verder vir elke ondersteuner, boer, vrywilliger, personeellid en skenker en donateur dankie sê!

Dankie dat jy deel was van die publiek wat meer as R24.2 miljoen vir die Krisisfonds tydens die nasionale inperking ingesamel het. Dankie dat jy deur dié Krisisfonds gehelp het om 2 064 instansies en 22 508 gesinne te help – 'n prestasie in 'n tydperk van die nasionale inperking. Dankie dat jy gehelp het om 32 ton wildsvleis in te samel vir behoeftige kleuters. Dankie dat jy aan 8 000 behoeftige kinders elke dag 'n bord kos gee. Dankie dat jy seker gemaak het dat 4 000 graadeens hulle skoolloopbaan met 'n gelukkige hart kan afskop deur vir hulle tassies vol skryfbehoeftes te voorsien. Dankie dat jy aan 3 000 jong meisies sanitêre ware voorsien en seker maak dat hulle skool toe kan gaan. Dankie dat jy gehelp het om meer as R35 miljoen vir behoeftige studente in te samel om te kan gaan studeer en die siklus van armoede finaal te verbreek.

Dankie dat jy gehelp het om kospakkies te pak. Dankie dat jy ons sosialemediaplasings gedeel het en gehelp het om die positiewe nuus te versprei! Dankie dat jy ons HelpendeWoord gelees het. Dankie dat jy van jou swaarverdiende geld aan mense geskenk het wat nie het nie. Dankie dat jy 'n skenking gemaak het aan een van ons 70 Ons Winkels landswyd – dit maak 'n volhoubare verskil. Dankie dat jy aan ons aksies en uitreike deelneem. Dankie dat jy vir ons bid en dat jy ons mense help en saam met ons staan om Suid-Afrika 'n beter plek te maak. Dankie dat jy deel vorm van die meer as 40 000 ondersteuners van Helpende Hand is – hande wat elke dag sterker is as dié hande wat vra.

Laastens wil ons dankie sê dat jy saam met ons die pad sal stap om deur maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling ons kwesbare groepe wat kinders, ouer persone, persone met gestremdhede en gesinne insluit, te ondersteun om gesonde gemeenskappe te skep waar ons vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan leef.

# 100-punt-gemeenskapsherstelplan

1. Ons fokus op opheffing deur maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling.
2. Ons fokus op kwesbare groepe soos ouer persone, kinders, gesinne en persone met gestremdhede.
3. Ons Gemeenskapsherstelplan gaan op volhoubare voorkoming en verbreking van maatskaplike problematiek, deur opleiding, fokus.
4. Ons ontwikkelingsprogram fokus op "werksyn" eerder as welsyn.
5. Die plan gaan deel wees van die versnellende opbou. Ons wil die uitdagings trotseer. Ons sal self. Vir mekaar.
6. Ons plan is 'n versnelde agenda, ons versnelde drome, ons versnelde doelwitte: 'n gemeenskap wat self werk en bydra en offer tot herstel.
7. Ons gaan steeds aan die kant van die gemeenskap wees en hulle help om gemeenskaphulpbronne te mobiliseer.
8. Die plan werk vanuit 'n Christelike grondslag. Dit beteken: elke mens is uniek, geskape na God se beeld en 'n geroepene in God se koninkryk.
9. Hierdie roeping is nie individualisties of sosialisties nie, maar dui op 'n verbondenheid aan God en aan mekaar.
10. Om die eer van God voorop te stel beteken dat almal binne vermoë en gawes maksimale potensiaal bereik.
11. 'n Roepingsgedrewe personeel se rol is om die balans in die samelewing tussen die individu en die gemeenskap te fasiliteer, tot versterking van mekaar en tot doelgerigte gemeenskapsontwikkeling, te handel.
12. Ons wil deur maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel bevorder.
13. Die plan se doel is om die mens deur sy gemeenskap tot 'n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende persoon te dryf.
14. Helpende Hand dryf dus die individu en gemeenskappe om hul ego-kragte en wilsbeweging tot aksie te laat oorgaan.
15. 'n Gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsplan word daargestel om ons gemeenskappe te mobiliseer om na die Covid-19-pandemie self te herstel.
16. 'n Volledige gemeenskap-analise/gemeenskapstudie moet prioriteit geniet.
17. Gemeenskappe se potensiaal en sterkpunte moet bevorder word en waardigheid moet ontwikkel word.
18. Gemeenskappe gaan deur middel van opleiding versterk word.
19. Ons gaan finansiële volhoubaarheid in gesinne bevorder.
20. Binne ons gemeenskappe gaan die fokus wees om entrepreneursdenke te ontwikkel.
21. Werkskeppingsgeleenthede gaan bevorder word deur opleiding en netwerkvennote te ontgin.
22. Ekologiese ontwikkeling gaan vir die verbetering van lewensgehalte, gestimuleer word.
23. Programme vir vaardigheidsontwikkeling gaan aangebied word.
24. Omgewings- en huishoudelike higiëne gaan bevorder word.
25. Verskeie maatskaplike ondersteuningsprogramme sal ontwikkel word.
26. Verhoudings met netwerkvennote, o.a. die Solidariteit Beweging, sal uitgebrei en versterk word, en so sal hulpbronne ook bekom word.
27. Professionele dienste van Ons Sentrum sal uitgebrei word om bekostigbare terapeutiese dienste aan kinders in die gemeenskappe te bied.
28. Bemagtig-'n-kind-fonds sal aangewend word om behoeftige kinders op 'n volhoubare manier te ondersteun en te bemagtig.
29. Die Maatskaplike Dienskantoor diens@helpendehand.co.za lewer vinnige en doeltreffende diens per e-pos.

## Ondersteuningsprogramme in die vooruitsig

30. Ouerskapleiding en verrykende ouerprogramme
31. Entrepreneurskap en ondernemingsopleiding en -ontwikkeling
32. Werkskepping, programme wat fokus op persoonlike en vaardigheidsontwikkeling of versterking van vaardighede
33. Finansiële geletterdheidsprogramme
34. Landbouvaardighede
35. Maatskaplike opheffings- en opleidingsprogramme
36. Opvoedkundige opleiding
37. Tienerprogramme
38. Programme vir seuns wat nie 'n vaderfiguur het nie
39. Programme vir emosionele ondersteuning.
40. Ontwikkelingsprogramme vir senior burgers en persone met gestremdhede

## Gemeenskapstrukture

41. Ons gaan nog sterker strukture skep waardeur en waarmee die krag in gemeenskappe ontgin en gekanaliseer kan word tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling.
42. Ons gemeenskaplike doel is om deur maatskaplike gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling op die fisieke, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning van kwesbare groepe te fokus.

43 Die doel is om vrywilligers en personeel so te rig dat gesamentlike doelwitte nagestreef word met behulp van maatskaplike programme asook nasionale, streek- en takprojekte.

44 Die stigting van nuwe takke en die ondersteuning aan bestaande takke en dorpsverteenwoordigers sal voorrang geniet.

45 Deur die nodige strukture te skep, hulpbronne in plek te stel, netwerke te bou en fondswerwing te bevorder, kan gemeenskappe beter bedien word binne die ankergemeenskappe.

46 Bou van netwerkvennote en hulpbron-ontginning tot voordeel van die onderskeie gemeenskappe sal onderneem word.

47 Werwing van passievolle ondersteuners en fondswerwing sal deurlopend aandag geniet.

48 'n Hernude fokus sal op die werwing, behoud en ondersteuning van vrywilligers geplaas word.

49 Die riglyne vir vrywilligers sal hersien word om te verseker dat daar aan die organisasie en vrywilligers se verwagtinge voldoen word.

50 Werksaamhede sal deur die vier vlakke, nl. Hoofkantoor, Nasionaal, Streek en Tak, gestruktureerd uitgevoer word.

51 Gemeenskapstudiefondse sal bevorder en versterk word.

52 Gemeenskappe sal verder uitgebou en versterk word.

53 SHH gaan binne die ankergemeenskapstrategie toesien dat daar verskeie hulpbronne vir die gemeenskapslede beskikbaar is, maar sal dit nie noodwendig bestuur of stig nie.

54 Ons beoog om binne elke ankergemeenskap 'n gemeenskapsentrum daar te stel.

55 'n Ons Plek sal aan 'n ankergemeenskap gekoppel word soos die behoefte of navorsing dit aantoon.

56 'n Ons Winkel sal binne ankergemeenskappe gevestig word.

## Navorsing

57 Ons navorsingsinstituut sal die verantwoordelikheid dra om deur navorsingsresultate die maatskaplike doelwitte van die organisasie te bevorder.

58 Die navorsingsresultate sal ons help om volhoubare oplossings vir maatskaplike kwessies te vind.

## Kommunikasie

59 Solidariteit Helpende Hand se webblad word herontwerp om meer verbruikersvriendelik te wees en die beeld van Helpende Hand met trots uit te dra.

60 Met ons nuwe e-mandaat kan die publiek direk by Solidariteit Helpende Hand aansluit.

61 Nuwe stelselprosesse word daargestel om dienslewering aan die ondersteuners te verbeter.

62 Die datasekuriteit word opgeskerp deur die POPI-regulasies streng toe te pas.

63 Solidariteit Helpende Hand se nuwe app op IOS en Android sal die nodige kommunikasie en nuus na ondersteuners versprei deur middel van hulle fone.

64 Die strategie vir ondersteunersbehoud, kommunikasie, bemarking en werwing word hernu en deur ons stelsels toegepas.

65 Deur toekomstige projekte sal ons voortgaan om maatskaplik-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling te bevorder.

66 Projekte se fokus moet al hoe meer na 'n holistiese beeld van 'n gesonde gemeenskap verskuif.

## Projekte vir kleuters of skoolgaande leerlinge

67 Met die Little Bits-produk ontvang die Kosblikkie-skole se kinders die nodige vitamiene en minerale wat hul immuniteit versterk en voordelig is vir hul groei en ontwikkeling.

68 Noue samewerking tussen kleuterskole/naskoolsentrums en die streek se maatskaplike werkers en organiseerders is van groot waarde om in hierdie gemeenskappe volhoubare verandering te bring.

69 Die HelpJag-inisiatief is aanvullend tot die Kosblikkie-projek met die moontlikheid om werkskepping te bevorder.

70 Die Skooltassie-projek het ten doel om 'n behoeftige graadeentjie toe te rus met die nodige skryfbehoeftes om sy skoolloopbaan op 'n gelyke vlak met ander leerders te begin.

## Projekte vir ouer persone

71 Die SKYN-projek se langtermyndoelwit is om tehuise in ons ankergemeenskappe te ondersteun deur die bedryfkoste van tehuise te verminder.

72 Senior Mind Moves is 'n professionele program wat in samewerking met die maatskaplike werkers aangebied gaan word om bejaardes se fisieke, geestelike en emosionele behoeftes aan te pak.

73 Die HelpHoor-projek poog om gehoorapparate aan behoeftige ouer persone te voorsien en moet in die ankergemeenskappe uitgebrei word.

74 Die katarakchirurgie-projek bied 'n geleentheid vir ouer persone om teen geringe koste die nodige chirurgie te laat doen.

75 Die Breinaald-projek sal in die toekoms fokus op projekte waar die gemeenskap verantwoordelikheid vir gestruktureerde stimulering van ouer persone neem.

## Projekte vir vroue

76 Die FroueVonds, tesame met die Susanna Smit Studiefonds, sal vroue oplei en vennootskappe bou om in die toekoms baie meer vroue die geleentheid tot optimale ontwikkeling te bied.

77 Die FroueVonds wil deur 'n kommersiële been en entrepreneurskap-inisiatiewe werksgeleenthede vir vroue skep

78 Die HelpHetta-projek gaan op 'n holistiese wyse die behoeftes van dogters hanteer om hulle te ondersteun in hul reis na gesonde vrouwees in die samelewing.

79 Die DROOMROK-projek moedig gemeenskappe aan om aandrokke te skenk, om op 'n bekostigbare wyse geleenthede vir dogters te bied.

## Projekte vir persone met gestremdhede

80 Die plan gaan daarop fokus om persone met gestremdhede te ondersteun om hulle volle potensiaal as mens binne die gemeenskap te bereik.

81 Deurlopende opleiding van vrywilligers word in hierdie verband in die vooruitsig gestel.

## Vennootskappe en skakeling

82 Die HelpendeKerke-projek poog om samewerking tussen die kerk en die gemeenskap te bevorder.

83 Die Helpende Kerke Kongres skep die platform om kennis ten opsigte van hulpbronne binne ’n gemeenskap te deel wat tot volhoubare gemeenskapsontwikkeling sal lei.

84 Die internasionale skakeling met oud-Suid-Afrikaners gaan deur strategiese kommunikasiestelsels verbreed word.

## Die Studiefondssentrum

85 Studente se betrokkenheid in gemeenskappe gaan aangemoedig en bevorder word.

86 Daar sal gepoog word om nuwe fondse te mobiliseer om vir ŉ toename in aansoeke voorsiening te maak.

87 Die HHST-aansoekplatform (Studiefondstrust) en databasis gaan tot ’n wêreldgehalte-slimstelsel ontwikkel en verfyn word.

88 Die HHST (Studiefondstrust) gaan uitgebrei word tot ’n sterk, selfstandige, gemeenskapsontwikkelingsinstelling onder die Solidariteit Helpende Hand-sambreel.

89 Die invorderingskapasiteit en -stelsel van die SFS gaan uitgebrei word.

90 Die SFS se bemarkings- en kommunikasiestrategie gaan aangepas word om ankergemeenskappe te dien.

91 Daar word beplan om ’n studiefonds per ankergemeenskap te stig, en die sakegemeenskap en professionele sakelui te betrek om dit uit te bou.

92 Strategiese vennootskappe met interne en eksterne rolspelers in ons ankergemeenskappe gaan ’n sleutelrol speel in ons sukses oor die volgende tien jaar.

93 Testamentêre bemakings gaan uitgebou word.

94 Daar word beplan om meer fondswerwers aan te stel.

95 Afgestudeerde studente en lojale ondersteuners van HH gaan by HHST ingebind word.

## Ons Winkels

96 Ons Winkels gaan voortbou om ’n groter finansiële bydrae tot die volhoubaarheid van SHH se projekte en afdelings maak.

97 Ons Winkels wil ook die gemeenskap bedien deur bekostigbare produkte te verkoop, en deur werkskepping en opleidingsgeleenthede te skep.

98 Aanlyn winkel vir Ons Winkels word gebruik om bekostigbare, unieke items te bemark.

## Finansies

99 Die finansiële afdeling dra die verantwoordelikheid om Solidariteit Helpende Hand finansieel gesond te bestuur sodat die nodige dienste en gemeenskapsontwikkeling in streke en veral in ankergemeenskappe tot uitvoering gebring kan word.

## Solidariteit

100 Weens Solidariteit Helpende Hand se noue verbintenis met Solidariteit sal ons voortgaan en ook op ’n hernude gefokusde wyse fisieke, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning aan Solidariteit-lede en -ondersteuners bied.

# Krisisfonds terugvoering
# Totale opsomming

